


Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

*Kurrikulum- en
assesseringsbeleidsverklaring*



*Intermediêre fase
Graad 4-6*



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
GRAAD 4-6**

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

DISCLAIMER

In view of the stringent time requirements encountered by the Department of Basic Education to effect the necessary editorial changes and layout to the Curriculum and Assessment Policy Statements and the supplementary policy documents, possible errors may occur in the said documents placed on the official departmental websites.

There may also be vernacular inconsistencies in the language documents at Home-, First and Second Additional Language levels which have been translated in the various African Languages. Please note that the content of the documents translated and versioned in the African Languages are correct as they are based on the English generic language documents at all three language levels to be implemented in all four school phases.

If any editorial, layout or vernacular inconsistencies are detected, the user is kindly requested to bring this to the attention of the Department of Basic Education.

E-mail: capslangcomments@dbe.gov.za or fax (012) 328 9828

Department of Basic Education

222 Struben Street

Private Bag X895

Pretoria 0001

South Africa

Tel: +27 12 357 3000

Fax: +27 12 323 0601

120 Plein Street Private Bag X9023

Cape Town 8000

South Africa

Tel: +27 21 465 1701

Fax: +27 21 461 8110

Website: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Department of Basic Education

ISBN: 978-1-4315-0467-1

Design and Layout by: Ndabase Printing Solution

Printed by: Government Printing Works

FOREWORD BY THE MINISTER



Our national curriculum is the culmination of our efforts over a period of seventeen years to transform the curriculum bequeathed to us by apartheid. From the start of democracy we have built our curriculum on the values that inspired our Constitution (Act 108 of 1996). The Preamble to the Constitution states that the aims of the Constitution are to:

- heal the divisions of the past and establish a society based on democratic values, social justice and fundamental human rights;
 - improve the quality of life of all citizens and free the potential of each person;
 - lay the foundations for a democratic and open society in which government is based on the will of the people and every citizen is equally protected by law; and
- build a united and democratic South Africa able to take its rightful place as a sovereign state in the family of nations.

Education and the curriculum have an important role to play in realising these aims.

In 1997 we introduced outcomes-based education to overcome the curricular divisions of the past, but the experience of implementation prompted a review in 2000. This led to the first curriculum revision: the *Revised National Curriculum Statement Grades R-9* and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* (2002).

Ongoing implementation challenges resulted in another review in 2009 and we revised the *Revised National Curriculum Statement* (2002) and the *National Curriculum Statement Grades 10-12* to produce this document.

From 2012 the two National Curriculum Statements, for *Grades R-9* and *Grades 10-12* respectively, are combined in a single document and will simply be known as the *National Curriculum Statement Grades R-12*. The *National Curriculum Statement for Grades R-12* builds on the previous curriculum but also updates it and aims to provide clearer specification of what is to be taught and learnt on a term-by-term basis.

The *National Curriculum Statement Grades R-12* represents a policy statement for learning and teaching in South African schools and comprises of the following:

- (a) Curriculum and Assessment Policy Statements (CAPS) for all approved subjects listed in this document;
- (b) *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*; and
- (c) *National Protocol for Assessment Grades R-12*.

A handwritten signature in black ink, which appears to read 'Angie Motshekga'.

MRS ANGIE MOTSHEKGA, MP
MINISTER OF BASIC EDUCATION

INHOUD

AFDELING 1: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGS-BELEIDSVERKLARING	3
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....	4
1.4 Tydstoekening	6
1.4.1 Grondslagfase.....	6
1.4.2 Intermediêre Fase	7
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10–12	8
AFDELING 2: INLEIDING TOT TALE	9
2.1 Tale in die Kurrikulum en Asseseringsbeleidsverklaring.....	9
2.1.1 Taalvlakke	9
2.1.2 Die taalvaardighede	10
2.1.3 Taalonderrigbenaderings.....	14
2.2 Tydstoekening vir Eerste Addisionele Taal in die kurrikulum	15
2.3 Onderrig- en leermateriaal.....	15
AFDELING 3: INHOUD EN ONDERRIGPLANNE VIR TAALVAARDIGHEDE IN DIE INTERMEDIÊRE FASE	17
3.1 Oorsig van vaardighede, inhoud en strategieë	17
3.2 Verspreiding van tekste vanaf graad 4 tot graad 6	23
3.3 Onderrigplanne.....	30
3.4 Inhoud en onderrigplanne vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal	32

AFDELING 4: ASSESSERING	90
4.1 Inleiding.....	90
4.2 Informele of daaglikse assessering.....	91
4.3 Formele assessering.....	92
4.4 Die formele assesseringsprogram	95
4.5 Optekening en rapportering	104
4.6 Moderering van assessering.....	105
4.7 Algemeen	106
WOORDELYS	107

AFDELING 1

INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
 - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
 - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
 - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
 - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
 - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 27819* van 20 Julie 2005;
 - (iv) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n*

Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefte, gepromulgeer in *Staatskoerant*, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

- (v) die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing*, No. 1267, in *Staatskoerant* No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
 - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
 - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
 - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
 - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
 - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

Progressie: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid*: Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *National Curriculum Statement Grades R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
 - *Waardering vir inheemse kennissteme*: Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
 - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid*: Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *National Curriculum Statement Grades R-12* stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
 - werk doeltreffend saam met ander as lede van n span, groep, organisasie en gemeenskap;
 - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
 - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
 - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
 - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
 - begryp die wêreld is n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningssteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

1.4 Tydstoekening

1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
TOTAAL	23	23	25

- (b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.
- (c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.
- (d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
TOTAAL	27,5

1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
TOTAAL	27,5

1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8) van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
TOTAAL	27,5

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

AFDELING 2: INLEIDING TOT TALE

2.1 TALE IN DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

Taal is 'n instrument vir denke en kommunikasie. Dit is ook 'n kulturele en estetiese middel wat mense deel om beter sin te maak van die wêreld waarin hulle leef. Die doeltreffende gebruik van taal stel leerders in staat om kennis te verwerf, hulle identiteit, gevoelens en idees uit te druk, in interaksie te tree met ander en om hul eie leefwêreld te bestuur. Dit voorsien leerders ook van 'n ryk, kragtige en diepgewortelde stel beelde en idees wat hulle kan gebruik om hulle wêreld te verander en te verbeter. Deur taal word uitdrukking gegee aan kulturele diversiteit en word sosiale verhoudings opgebou en aangeknoop. Juis deur taal word hierdie verhoudings aangepas, verbreed en verfyn.

2.1.1 Taalvlakke

Taalonderrig in die Intermediêre Fase sluit al die amptelike tale in Suid-Afrika in, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Sepedi (Sesotho sa Leboa), Setswana, siSwati, Tshivenda en Xitsonga – asook Gebaretaal en Nie-Amptelike Tale. Hierdie tale kan op verskillende vlakke aangebied word.

Huistaal is die taal wat leerders eerste aanleer, terwyl Eerste Addisionele Taal die taal is wat bykomend tot die Huistaal geleer word. Baie Suid-Afrikaanse skole bied twee tale op huistaalvlak aan, maar dit kan gebeur dat hierdie tale nie die huistaal van sommige of al die ingeskrewe leerders is nie. Dit beteken dat die name Huistaal en Eerste Addisionele Taal verwys na die vaardigheidsvlak waarop die tale aangebied word en nie na die moedertaal (Huistaal) of verworwe taal (soos in die addisionele tale) nie. Vir die doel van hierdie beleidsdokument verwys Huistaal dus na die onderrigvlak waarop dit aangebied word en nie na die taal op sigself nie.

Huistaalvlak maak voorsiening vir taalvaardighede wat basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede en kognitiewe akademiese vaardighede reflekteer. Basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede word benodig in sosiale situasies en kognitiewe akademiese vaardighede is nodig vir leer oor die kurrikulum heen. Klem word op die onderrig van luister-, praat-, lees- en skryfvaardighede gelê. Hierdie vlak bevorder leerders se literêre, estetiese en verbeeldingryke bevoegdhede sodat hulle oor die vermoëns beskik om hulle leefwêreld te herskep, beter te begryp en hul verbeelding te gebruik. Vanaf Graad 7 word minder klem op die onderrig van luister- en praatvaardighede en meer klem op die onderrig van lees- en skryfvaardighede geplaas.

Die Eerste Addisionele Taal-vlak verwys na 'n taal wat nie 'n leerder se moedertaal is nie, maar wat gebruik word vir kommunikatiewe funksies in die gemeenskap, te wete, as medium vir onderrig en leer. Die kurrikulum bied sterk ondersteuning aan leerders wat Eerste Addisionele Taal as die taal vir onderrig en leer wil gebruik. Teen die einde van Graad 9 sal hierdie leerders daartoe in staat wees om hul huistaal en hul eerste addisionele taal ewe effektief en met selfvertroue vir 'n verskeidenheid doeleindes – wat leer insluit – te gebruik.

In Suid-Afrika neem baie leerders hul Eerste Addisionele Taal as die onderrigtaal in Graad 4.

Die Eerste Addisionele Taal-vlak gaan van die standpunt uit dat leerders nie noodwendig enige kennis van die taal het wanneer hulle begin skoolgaan nie. Die kurrikulum in die eerste skooljare het ten doel om die leerder se vermoë om die taal te praat en te verstaan, te ontwikkel – basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede. In Graad 2 en 3 begin leerders om geletterdheid te ontwikkel op grond van hulle mondelinge taalverwerwing. Hulle gebruik ook geletterdheidsvaardighede wat hulle alreeds in die Huistaal geleer het.

In die Intermediêre en Senior Fase hou die leerders aan om hul luister, praat, lees en skryfvaardighede te versterk. Op hierdie stadium leer die meeste van hulle deur die medium van die Eerste Addisionele Taal. Groter klem word

geplaas op denke en beredenering. Dit stel die leerders in staat om hul kognitiewe en akademiese vaardighede te ontwikkel. Hulle gaan ook in groter diepte om met literêre tekste en begin om estetiese en kreatiewe vermoëns in hul Addisionele taal te ontwikkel.

Teen die tyd dat leerders in Senior Fase kom, behoort hulle redelik bedrewe in hul Eerste Addisionele Taal te wees ten opsigte van sowel interpersoonlike as kognitiewe akademiese vaardighede. In werklikheid kan baie leerders in hierdie stadium egter steeds nie goed in hul addisionele taal kommunikeer nie. Die uitdaging in die Intermediêre Fase is dus om hierdie leerders te ondersteun en om terselfdertyd 'n kurrikulum te voorsien wat leerders in staat stel om aan die vereiste standaard van die daaropvolgende grade te voldoen. Hierdie standaard moet sodanig wees dat leerders hul addisionele taal op 'n hoë vlak kan gebruik om hulle voor te berei vir verdere of hoër onderwys of vir die wêreld van werk.

Om hierdie rede moet die kognitiewe vlak van die Eerste Addisionele Taal sodanig wees dat dit as taal vir onderrig en leer gebruik kan word. Luister-, praat- en taalgebruiksvaardighede sal verder ontwikkel en verfyn word in die Intermediêre Fase sowel as om die leerders se lees- en skryfvaardighede te ontwikkel.

2.1.2 Die taalvaardighede

Die Eerste Addisionele Taalkurrikulum word volgens die volgende vaardighede gestruktureer.

1	Luister en Praat
2	Lees en Kyk
3	Skryf en Aanbied
4	Taalstrukture en -konvensies

Luister en Praat

Luister en praat is die middelpunt van leer in alle vakke. Deur effektiewe luister- en praatstrategieë kan leerders inligting insamel en sintetiseer, kennis opbou, probleme oplos, idees uitdruk en menings uitspreek. Kritiese luistervaardighede stel leerders in staat om waardes en houdings in tekste te herken, en manipulerende taal waar te neem en aan te spreek.

Eerste Addisionele Taal-leerders in die Intermediêre Fase gebruik luister- en praatvaardighede om menings uit te spreek en oor betekenis te onderhandel. Leerders bou voort op die vaardighede wat hulle in die grondslagfase ontwikkel het deur volgehoue gesprekke, besprekings en kort mondelinge aanbiedinge te lewer.

Leerders se gesproke taal benodig nog baie ondersteuning in hierdie fase (byvoorbeeld, modellering en ondersteuning deur middel van woordeskat en sinsrame). Die onderwyser moet seker maak dat geleenthede geskep word waar die leerders Afrikaans kan praat. Alle leerders vorder nie teen dieselfde tempo nie, daarom moet die onderwyser hom of haar op praatgeleenthede toespits (byvoorbeeld deur die tipe vrae wat gevra word) wat op die leerders se vlak is. Soos leerders deur die grade beweeg, word daar van hulle verwag om meer te praat en langer verduidelikings te gee.

Leerders sal voortbou op die tekstipes wat in die grondslagfase bekend gestel is (byvoorbeeld stories, persoonlike vertellings en instruksies) en nuwe tekstipes sal nou aan hulle voorgestel word, byvoorbeeld, feitelike verslae, verskillende literêre genres, mondelinge verslae en kort praatjies.

Daaglikse, kort luister- en praataktiwiteite, asook langer, gefokusde aktiwiteite moet gedurende die week by die onderrigtyd ingesluit word.

Lees en Kyk

Goedontwikkelde leesvaardighede is oor die hele kurrikulum belangrik vir suksesvolle leer, asook vir volle deelname in die gemeenskap en binne die werksopset. Leerders ontwikkel leesvaardighede en soek inligting in 'n wye reeks literêre en nieliterêre tekste, insluitend visuele tekste. Leerders herken en besef hoe genre en register die doel uitbeeld. Deur klaslees en onafhanklike lees word leerders kritiese en keratiewe denkers.

Lees is baie belangrik vir leerders wat Afrikaans as die taal van onderrig en leer in Graad 4 wil gebruik. Dis vir hulle noodsaaklik om in staat te wees om in ander vakke te lees en te skryf, asook om Afrikaans-handboeke in die Intermediêre Fase te gebruik. Dit vereis hoë vlakke van geletterdheid en veral 'n uitgebreide woordeskat in Afrikaans. Lees verskaf aan leerders meer blootstelling in hul addisionele taal. Volgens navorsing hang leerders se woordeskatontwikkeling grootliks af van die hoeveelheid lees waaraan hulle blootgestel word.

In die Intermediêre Fase word daar op die grondslag wat in graad R – 3 gelê is, voortgebou. Gedeelde lees kan aan die begin van graad 4 gebruik word om leerders in hierdie fase te lei. Hierdie metode kan gebruik word indien die onderwyser gepaste Grootboeke op hierdie vlak het en dit as alternatief vir storievertelling kan dien. Indien Grootboeke wat vir hierdie vlak geskik is, nie beskikbaar is nie, kan tekste van handboeke of ander leesboeke gebruik word. Metodes soos lees saam met die hele klas, en lees vir die hele klas kan ook gebruik word.

Gebruik groepsbegeleide lees, selfstandig lees en lees in pare as metodes waarmee leerders geleidelik aangespoor kan word om meer selfstandig te lees. Selfstandige lees wat in die onderrigplanne gestipuleer word, moet in die tyd wat vir lees toegeken is, geakkommodeer word. Moedig leerders aan om in hul vrye tyd boeke van hul eie keuse selfstandig te lees.

Onderwysers moet ook 'n verskeidenheid leesbegripsaktiwiteite opstel om seker te maak dat leerders verstaan wat hulle lees.

Die leesproses

Die leesproses bestaan uit 'n pre-lees, gedurende lees en 'n post-leesstadium. Aktiwiteite wat leerders kan uitvoer, kan soos volg opgesom word:

Pre-lees (Voorbeelde)

- Aktiveer bestaande kennis.
- Stel vas wie die bron, die skrywer en wat die publikasiedatum is.
- Lees die eerste en laaste paragrawe van 'n afdeling.
- Maak voorspellings oor onder andere die inhoud en tema.

Gedurende lees (Voorbeelde)

- Neem ruspouses om begrip te toets en idees te laat insink.
- Vergelyk die inhoud met wat afgelei is.
- Maak gebruik van die inhoud om waar moontlik die betekenis van onbekende woorde vas te stel, anders kan 'n woordeboek gebruik word.

- Visualiseer wat geles word.
- Leerders moet aanhou lees al verstaan hulle nie sekere dele nie.
- Leerders lees gedeeltes weer oor indien hulle dit glad nie verstaan nie. Lees dele hardop en teen 'n stadiger tempo indien inhoud verwarrend is.
- Vra 'n maat om te help om moeilike gedeeltes te verstaan.
- Maak leesmerke en maak notas van hoofpunte.
- Lewer verslag oor wat geles is.

Post-lees (Voorbeelde)

- Ontwerp'n grafiese voorstelling of wys hoofgedagtes uit en maak 'n paar ondersteunende notas om spesifieke inligting later te herroep.
- Maak afleidings.
- Maak 'n opsomming om hoofgedagtes te kan herroep.
- Leerders dink na oor die onderwerp en stel nuwe vrae daarvoor saam.
- Leerders vra vrae om vas te stel of hulle hul doel bereik het.
- Leerders stel vas of hulle die teks verstaan.
- Evalueer die teks vir vooroordeel of partydigheid, asook die gehalte daarvan.
- Leerders verbreed hul denke – gebruik idees wat in die teks voorkom.

Skryf en aanbied

Skryf is 'n kragtige instrument vir kommunikasie wat leerders toelaat om gedagtes en idees uit te bou en duidelik daarvoor te kommunikeer. Gereelde skriftelike aktiwiteite oor 'n verskeidenheid tekste, take en vakke, stel leerders in staat om funksioneel en kreatief te kommunikeer. Die doel is om vaardige, gebalanseerde skrywers te kweek wat in staat sal wees om hul vaardighede verder te ontwikkel en gepaste skriftelike aanbiedinge, visuele en multimedia tekste vir 'n verskeidenheid prosesse te lewer. In die Intermediêre Fase het Eerste Addisionele Taal-leerders sorgvuldige ondersteuning en leiding nodig om die vaardigheid te ontwikkel om gepaste geskrewe tekste te skep.

Skryf is belangrik omdat dit leerders dwing om oor grammatika en spelling na te dink. Leerders word dus aangemoedig om die taal te prosesseer en akkuraatheid te bevorder. Leerders leer om 'n wye keuse van kreatiewe en inligtingstekste te skryf deur die aanvanklike gebruik van skryframe as ondersteuning, en sal geleidelik leer om spesifieke tekstipes selfstandig te skryf. Die skryfproses kom dus tot sy reg in goedgeorganiseerde, grammatikaal korrekte skryftekste.

Benadering tot die skryfproses

Skryf en beplanning van tekste is 'n proses wat uit die volgende stappe bestaan:

- Pre-skryf / beplanning
- Skryf 'n konsep
- Hersiening
- Proeflees / redigering
- Aanbieding

Leerders moet geleentheid gebied word om hierdie prosesse in te oefen.

- Besluit op die doel van die teks en vir wie dit beplan word.
- Verkry idees uit 'n dinkskrum deur van geheuekaarte en vloedigramme gebruik te maak.
- Raadpleeg relevante bronne, kies relevante inligting en organiseer idees.
- Skryf 'n eerste konsep wat die doel, gehoor, onderwerp en teksstrukture in ag neem.
- Lees die konsep krities en kry terugvoering van ander (klasmaats of die onderwyser).
- Redigeer en proeflees die konsep.
- Lewer 'n netjiese, leesbare, geredigeerde finale weergawe van jou skryfwerk.

Taalstrukture en -konvensies

Goeie woordeskat- en grammatikale kennis lê die grondslag vir vaardigheids-ontwikkeling (luister, praat, lees en skryf) in Eerste Addisionele Taal. Leerders in die Intermediêre Fase bou voort op die grondslag wat in graad R – 3 gelê is.

Leerders se gebruik van woordeskat en taalstruktuur word bevorder deur interaksie met 'n verskeidenheid tekste. In die Intermediêre Fase sal leerders meer kennis neem van woorde en grammatikale strukture waarmee hulle reeds sedert die grondslagfase vertrou is. Hulle verken die struktuur van die addisionele taal en neem bewustelik beheer daarvan. Hulle gebruik hierdie ontwikkelingskennis om seker te maak dat hulle taalgebruik korrek is, veral in skryftake.

Leerders ondersoek die gebruik van taal, en ontwikkel 'n gedeelde taal vir praat oor taal (metataal), sodat hulle hul eie teks en dié van ander krities kan evalueer ten opsigte van betekenis (van woord- en sinsvlakke tot die hele teks), en om die verband tussen die konteks en die teks te bepaal.

Daar word verwag dat taalstrukture en -konvensies binne konteks aangeleer moet word, net soos wat ander taalvaardighede aangeleer en ontwikkel word. In die Intermediêre Fase word dertig minute vir formele onderrig en vir oefening in taalstruktuur en -konvensies gebruik. Die onderrigplanne bestaan uit 'n lys taalitems wat in elke graad gedek moet word. Wanneer luister- en leestekste vir elke tweeweeksiklus gekies word, moet seker gemaak word die tekste bevat sekere van die taalitems wat in daardie siklus behandel moet word. Aktiwiteite wat vir die teks beplan word, moet leerders in staat stel om hierdie items binne konteks te gebruik. Leerders sal ook met die skryf

van tekste sekere van hierdie taalitems insluit. Ondersteun leerders om gepaste en korrekte taalstrukture te gebruik. Die onderwyser kan sekere taalstrukture waarmee leerders probleme ondervind, insluit by formele aktiwiteite sodat leerders dit kan inoefen (tydens die dertig minute per week wat daarvoor toegewys is).

2.1.3 Benaderings tot taalonderrig

Die benaderings tot taalonderrig is teksgebaseerd, kommunikatief, geïntegreerd en prosesgeoriënteerd. Die **teksgebaseerde** en **kommunikatiewe benaderings** is beide afhanklik van die voortdurende gebruik en produsering van tekste.

'n **Teksgebaseerde benadering** stel leerders in staat om vaardige, vrymoedige en kritiese lesers, skrywers en ontwerpers van en kykers na tekste te word. Dit sluit die luister en kyk na, en lees en ontleding van tekste in om te verstaan hoe dit saamgestel is en watter effekte dit het. Deur hierdie kritiese interaksie ontwikkel leerders die vermoë om tekste te evalueer. Die teksgebaseerde benadering sluit ook die produsering van verskillende tekste vir spesifieke doelstellings en teikengroepe in. 'n Begrip van die manier waarop tekste saamgestel word, rugsteun hierdie benadering. Hierdie benadering vereis heelwat modellering en ondersteuning in die Eerste Addisionele Taal. Voorstelle hiervoor kom in die onderrigplanne voor.

Die **kommunikatiewe benadering** beteken dat 'n leerder baie en ryke blootstelling aan die teikentaal moet kry. Om dit te bereik moet leerders vele geleenthede gebied word om taal te gebruik en te oefen vir sosiale en praktiese doeleindes.

Die **prosesbenadering** word gebruik wanneer leerders mondelinge en geskrewe tekste produseer. Leerders is betrokke by die verskillende stadiums van die luister-, praat-, lees- en skryfproses. Hulle moet gedurende hierdie prosesse aan die gehoor en die doelstellings dink. Dit sal hulle daartoe in staat stel om op 'n natuurlike wyse te kommunikeer en hulle denke oor te dra. Leerders leer om te lees deur baie te lees en om te skryf deur baie te skryf.

2.2 TYDSTOEKENNING VIR DIE EERSTE ADDISIONELE TAAL

Onderrigtyd vir die Eerste Addisionele Taal is 5 uur per week in die Intermediêre Fase. Alle taalinhoud word oor 'n tweeweeksiklus versprei. Roosters moet vir een deurlopende dubbelperiode per week voorsiening maak. Die volgende tydstoekenning word vir die verskillende taalvaardighede voorgestel:

Vaardighede	Tydstoekenning per tweeweeksiklus (Ure)		
	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Luister en praat	2 uur	2 uur	2 uur
Lees en kyk	5 uur	5 uur	4 uur
Skryf en aanbied	2 uur	2 uur	3 uur
Taalstrukture en -konvensies	1 uur	1 uur	1 uur
Totaal	Taalstrukture en -konvensies is in die tydstoekenning van die vier taalvaardighede vervat. Daar word ook 30 minute aan formele oefeninge toegeken. Denk- en redeneervaardighede word in die vaardighede en strategieë geïnkorporeer wat vir luister en praat, lees en skryf voorsien is.		

2.3 LEER- EN ONDERRIGONDERSTEUNINGSMATERIAAL

Leerders behoort toegang te hê tot die volgende leermateriaal in graad 4 – 6:

Graad 4 – 6	
Kernmateriaal	
Voorgeskrewe handboeke vir Eerste Addisionele Taal	√
'n Woordeboek	√
Leesboek/e wat die volgende tekstipes bevat	
Stories / vervolgverhale	√
Tonele / kortverhale	√
Poësie	√
Inligtingstekste	√
Sosiale tekste	√
Media- / grafiese tekste	√
Mediatekste	
Koerante	√
Tydskrifte	√
Televisieprogramme	√
Radioprogramme	√

Die onderwyser behoort die volgende te hê:

- 'n *Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring*;
- die *Language in Education Policy (LiEP)*;
- 'n voorgeskrewe taalhandboek vir Eerste Addisionele Taal wat deur die leerders gebruik word; ander handboeke as hulpmiddels en vir navorsingsdoeleindes;
- leesboeke wat uit die voorgestelde tekstipes bestaan;
- 'n woordeboek (verklarende en tweetalige woordeboek, tesaurus, sinoniemwoordeboek), ensiklopedieë, ensovoorts; en
- 'n onderwysershulpbronnêr: dit kan 'n lêer wees wat uit gekose inligtingstukke saamgestel is, of 'n kommersiële, gepubliseerde onderwysersgids.

Klaskamerhulpmiddels

Die leerder behoort die volgende te hê:

- a) Tekste vir gedeelde lees in Graad 4. Dit mag Grootboeke wees, of ander vergrote tekste, of voorgeskrewe handboeke of leesboeke.
- b) 'n Reeks tekste om verskillende leesvlakke te akkommodeer, byvoorbeeld 'n versameling leesboeke / 'n gegradeerde leesreeks vir die klas, met genoeg kopieë van tekste op elke leesvlak.
- c) 'n Verskeidenheid mediamateriaal: koerante, tydskrifte, pamflette, advertensies, plakkate, kennisgewings.
- d) Oudio- / visuele hulpmiddels

AFDELING 3: INHOUD EN ONDERRIGPLANNE VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL VAARDIGHEDE IN DIE INTERMEDIÛRE FASE

3.1 OORSIG VAN VAARDIGHEDE, INHOUD EN STRATEGIEË

Die volgende is 'n oorsig van die inhoud, vaardighede en strategieë wat in die onderrigplanne gebruik is.

Tabel van inhoud, vaardighede en strategieë

GRAAD 4 – 6		
Vaardig-hede	Inhoud	Strategieë en subvaardighede
Luister en praat	<p>Luisterbegrip</p> <p>Verskillende vorme van mondelinge kommunikasie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gesprek • Aanwysings en instruksies • Storievertelling • Rolspel • Groepbespreking • Kort praatjies • Kort gedigte en rympies • Taalspeletjies 	<p>Luisterbegrip</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vind hoof- en ondersteunende idees deur die maak van notas, kontrolelyste, opsommings, oorvertelling, verduidelikings • Verduidelik vrae <p>Kommunikasie vir sosiale doeleindes</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die inisiëring en instandhouding van gesprekke • Beurtnemingskonvensies • Aanmoediging in die gebruik van die addisionele taal <p>Vorbereide kort praatjies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Navorsing • Samehangende organisering van inligting • Die keuse en ontwikkeling van hoofgedagtes en ondersteunende idees met voorbeelde • Korrekte formaat, woordeskat, taal en konvensies • Stemtoon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare • Effektiewe inleiding en slot • Gebruik van gepaste visuele, oudio- en / of oudiovisuele hulpmiddels, soos kaarte, plakkate, prente en videos

GRAAD 4 – 6		
Vaardig-hede	Inhoud	Strategieë en subvaardighede
Lees en kyk	<p>Aanbevole tekstipes</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stories, byvoorbeeld kontemporêre, realistiese fiksie, tradisionele stories (mites en legendes, volksverhale, fabels), avontuurverhale, wetenskapfiksie, biografieë, historiese fiksie • Poësie • Inligtingstekste, byvoorbeeld prosedures, feitlike verslae, inligtingsverslae • Sosiale tekste, byvoorbeeld uitnodigings, groetekaartjies, briewe • Mediatekste soos advertensies, koerantberigte, tydskrifartikels, kennisgewings, pamflette • Lees- en kykstrategieë • Visuele geletterdheid: reklame (plakkate, pamflette, advertensies), spotprente, strokies, diagramme / grafieke / tabelle / kaarte • Begrip • Voorbereide en onvoorbereide hardoplees 	<p>Lees en kyk</p> <p>Gebruik pre-lees-, lees- en post-leesstrategieë om die volgende te doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die teks te verstaan • Kritiese lees van die teks (leesbegrip) te bevorder • Selfstandige lees te demonstreer (lees wyd vir die genot, inligting en vir leer) • Stel leerders bekend aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> • Tekskenmerke – titels, illustrasies, grafieke, kaarte, diagramme, opskrifte, subopskrifte, nommers, onderskrifte, formaat, byvoorbeeld koerantkolomme, ensovoorts. • Teksstrukture – lyste, volgorde, beskrywings, prosedures, belangrikste idees en ondersteunende idees, verhalende tekste, volgorde • Dele van 'n boek – die titelbladsy, inhoudsopgawe, hoofstukke, glossarium, indeks, ensovoorts. <p>Lees- en kykstrategieë</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vluglees en soeklees vir die hoofgedagtes • Aandagtige lees vir ondersteunende besonderhede • Afleiding van betekenis van onbekende woorde en beelde deur die gebruik van woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade • Herlees • Die maak van notas (hoof- en ondersteunende idees) • Puntsgewyse opsomming van hoof- en ondersteunende idees volgens verlangde lengte • Verduideliking • Gevolgtrekkings maak • Verduidelik die skrywer se perspektief / standpunt • Maak gevolgtrekkings / lug eie mening <p>Visuele geletterdheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Verskeidenheid grafiese en visuele tekste, soos advertensies, kennisgewings, plakkate, strokiesverhale, spotprente, foto's, prente • Oorredingstegnieke: gevoelstaal, partydigheid • Impak van die gebruik van uitleg en ontwerpkenmerke, byvoorbeeld skrifstipes en -groottes, opskrifte, byskrifte en beelde <p>Poësie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Letterlike betekenis • Tema en boodskap • Beelde, byvoorbeeld vergelyking, personifikasie • Woordkeuse • Klankmiddels soos ritme en rym, punktuasie, herhaling, alliterasie, klanknabootsing

GRAAD 4 – 6		
Vaardig- hede	Inhoud	Strategieë en subvaardighede
		<p>Stories en dramas / tonele</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verhaallyn • Karakters • Ruimte / milieu • Tyd • Tema / boodskap • Teksstruktuur en -formaat • Belangrikste kenmerke van die teks <p>Inligtings- en sosiale tekste</p> <ul style="list-style-type: none"> • Teikengroep en doel • Hoofgedagtes en ondersteunende idees / spesifieke besonderhede • Teksstruktuur en -formaat • Belangrikste kenmerke van die teks <p>Vorbereide en onvorbereide lees (hardoplees)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik van gepaste stemtoon, stemprojeksie, tempo, oogkontak, liggaamshouding en gebare • Korrekte uitspraak van woorde

GRAAD 4 – 6		
Vaardig-hede	Inhoud	Strategieë en subvaardighede
Skryf en aanbied	<ul style="list-style-type: none"> • Woordelyste • Skryf van sinne • Die sSkryf van paragrawe <p>Kreatiewe skryfwerk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beskrywende skryfwerk, byvoorbeeld beskrywings van mense, plekke, diere, plante, voorwerpe, ensovoorts • Verhalende tekste soos stories, persoonlike vertellings • Verbeeldingryke skryfwerk, byvoorbeeld kort gedigte • Gesprekke en kort toneelstukke gebaseer op stories • Transaksionele skryfwerk (sosiale, funksionele, media- en inligtingstekste) • Notas, boodskappe, briewe, groetkaartjies, uitnodigings • Plakkate, kennisgewings, brosjures, advertensies • Kort, geskrewe toesprake • Instruksionele en verhalende tekste • Feitelike vertelling, inligtingstekste, byvoorbeeld nuus, tekste uit ander vakke, grafiese tekste 	<p>Prosesskryf</p> <p>Pre-skryf / beplanning</p> <ul style="list-style-type: none"> • Oorweeg teikengroep en doel • Oorweeg skryfvorm • Hou 'n dinkskrum met behulp van kopkaarte / lyste • Organiseer idees <p>Eerste weergawe</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wordkeuse • Bou van sinne • Hoof- en ondersteunende idees • Spesifieke eienskappe van die vereiste teks (soos die direkte rede vir 'n dialoog) • Kritiese lees en skryfwerk • Terugvoering van klasmaats en onderwyser <p>Hersiening, redigering, proeflees en aanbieding</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hersien: verbeter inhoud en struktuur van idees • Verfyn woordkeuse, sin- en paragraafstruktuur • Wysig: korrigeer foute in grammatika, spelling en punktuasie • Skryf netjiese, leesbare, finale weergawe

TAALKONVENSIES
• Klankpatrone (vokale, konsonante, diftonge)
• Oorronding, ontronding
• Klankgrepe en lettergrepe
• Alfabetiese rangskikking
• Afbreek van woorde
• Punktuasie
• Skryftekens
• Spelling en spelpatrone
• Akronieme, verkortings, afkortings
WERK MET WOORDE (WOORDESKATUITBREIDING)
• Sinonieme – woorde met skynbaar dieselfde betekenis bv reusagtig / massief
• antonieme – woorde met min of meer teenoorgestelde betekenis bv hard / sag
• homonieme – woorde uit verskillende tale met toevallig uitspraak bv <u>bank</u> (instansie) en <u>bank</u> (om op te sit)
• homofone – woorde van dieselfde taal met dieselfde uitspraak bv maar / maer
• Woordvorming
- Samestelling – woorde met meer as een stam bv tafel+poot
- afleidings – woorde met 'n voorvoegsel of agtervoegsel of beide bv <u>gekoopte</u>
- voorvoegsel – onselfstandige woorddele voor aan 'n woord bv <u>bewoord</u>
- agtervoegsels – onselfstandige woorddele agter aan 'n woord bv tafeltjie
WERK MET SINNE
• Woordsoorte: selfstandige naamwoorde
- soortnaam – verwys na alledaagse voorwerpe bv tafel
- eienaam – name van spesifieke persone of dinge bv Randy / Renault
- versamelnaam – verwys na versamelings bv duiwe
- massanaam – verwys na ontelbare selfstandige naamwoorde bv sand; sout
• Lidwoorde
- bepaald – verwys na spesifieke persoon of voorwerp bv <u>die</u> kar
- onbepaald – verwys nie na 'n spesifieke persoon of voorwerp nie bv 'n motor
• Voornaamwoorde
- persoonlik - word in die plek van 'n persoon gebruik bv <u>Hy</u> was hier.
- onpersoonlik – word in die plek van 'n voorwerp gebruik bv Dit het gebreek.
- besitlik – dui besitting aan bv <u>Myne</u> is stukkend.
- betreklik – het betrekking op persone of voorwerpe bv Die een <u>wat</u> ek gebring het is seek.
- vraend – word gebruik om vrae aan te dui bv <u>Wie</u> het dit gebring?
- aanwysend – wys persone of voorwerp aan bv <u>Daardie</u> een is stukkend.
• Byvoeglike naamwoorde
- verbuiging – aanpassing aan die woord afhangend van die posisie in die sin bv Dit is 'n <u>verlepte</u> blom.
- intensiewe vorme – gebruik om betekenis te versterk bv Sy is met 'n <u>stokou</u> man getroud.
- trappe van vergelyking – dui verskillende vorme van die byvoeglike naamwoord aan bv Dit is nie die <u>beste</u> ding om te doen nie.

• Werkwoorde
- hoofwerkwoord – die selfstandige werkwoord in die sin bv Kom <u>eet</u> saam met my.
- hulpwerkwoord – werkwoorde wat nie op hul eie in bepaalde sinne gebruik word nie bv Sy <u>het</u> by my geëet.
• Bywoorde
- tyd – dui die tyd van aksies aan bv Sy het <u>gister</u> by my geëet.
- wyse – druk die manier uit waarop aksies gedoen is bv Sy het <u>lekker</u> geëet.
- plek – dui die plek aan waar aksies onderneem is bv Ons het <u>tuis</u> geëet.
• Voorsetsels
- in vaste verbindings – werk saam in besondere uitdrukkings bv Hy doen dit <u>ten</u> bate <u>van</u> welsyn.
- vrye verbindings – kan wissel in verskillende sinne bv Sy sit <u>langs</u> die tafel.
• Telwoorde
- hooftelwoorde - woorde wat getal uitdruk bv Daar is <u>tien</u> spelers.
- rangtelwoorde – woorde wat posisie uitdruk bv Hy was die <u>elfde</u> om op te daag.
• Voegwoorde – woorde wat gebruik word om sinne en frases aan mekaar te las bv Hy het laat gekom <u>en</u> die vliegtuig verpas.
• Sinsoorte
- stelsin - 'n stelling word gemaak bv <u>Die kos was lekker.</u>
- bevelsin - 'n opdrag word gegee bv <u>Gaan eet nou!</u>
- uitroepsin - 'n uitroep word gemaak bv <u>Sies!</u>
- vraagsin - 'n vraag word gevra bv <u>Wat maak jy daar?</u>
• Tydsvorme
- teenwoordig – die hede bv Ons <u>eet</u> lekker.
- verlede – tyd wat verby is bv Ons <u>het</u> lekker <u>geëet</u> .
- toekomstend – verwys na wat nog moet gebeur bv Ons <u>sal</u> lekker <u>eet</u> .
• Sinne
- Enkelvoudig –het net een werkwoord bv Die motor <u>ry</u> vinnig.
- Veelvoudige – het 'n hoofsin en bysinne bv Die motor <u>wat ek onlangs gekoop het</u> , ry vinnig.
- Saamgesteld – het meer as een hoofsinne bv <u>Hy het 'n motor gekoop en sy het in die garagedeur vasgery.</u>
• Ontkenning – sake word in die negatiewe vorm gestel bv Sy het <u>nie</u> 'n bestuurslisensie <u>nie</u> .
• Woordorde – die omruiling van die posisie van werkwoord en selfstandige naamwoord bv Bly liever stil as jy nie gaan help nie.
• Direkte rede – mense se direkte woorde word aangehaal bv <u>“Vat die kind hier weg.”</u>
• Indirekte – verslag word gegee van mense se woorde bv <u>Hy het gesê dat ek die kind daar weg moet neem.</u>
• Bedrywende - gewone stelvorm van sinne met onderwerp en gesegde in die normale posisie bv <u>Honde kan soms mense lelik byt.</u>
• Lydende vorm- omruiling van onderwerpe met voorwerpe van sinne bv <u>Mense kan soms lelik deur honde gebyt word.</u>
• Letterlike taalgebruik – die normale betekenis van die woord word gebruik bv <u>Turksvye</u> smaak baie lekker.
• Figuurlike taalgebruik – die woord staan in die plek van 'n ander saak bv Ek weet nie hoe om die saak te hanteer nie, dit is nogal 'n <u>turksvy</u> .

3.2 VERSPREIDING VAN TEKSTE GRAAD 4 – 6

'n Verskeidenheid tekste is vir elke tweeweeklikse siklus gekies. Die kerntekste word hieronder aangedui. Leerders sal met sommige, of met al die tekste in 'n tweeweeklikse siklus omgaan. Hulle sal daarna luister, daaroor praat, dit lees, daarna kyk of daaroor skryf. Alle onderrig en leer behoort op hierdie tekste gebaseer te wees en te fokus op die ontwikkeling van taalvaardighde soos hierbo uiteengesit.

Die tabel hieronder is 'n opsomming van die tekste wat ingesluit is in elke tweeweeklikse siklus on die onderrigplanne in afdeling 3.5.

3.2.1 Verspreiding van tekste

	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6
KWARTAAL 1			
Week 1 – 2	Stories en persoonlike vertellinge	Stories en persoonlike vertellinge	Stories, taalspeletjies; woordspeletjies
Week 3 – 4	Inligtingstekse, byvoorbeeld onderhoud nuusberig / feitelike verslag, kaart	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme / tabelle; kopkaarte; kaarte; foto's; grafieke; gesprekke; feitelike verslae	Inligtingstekse: nuusberig; feitelike verslag; briewe; mediatekste, byvoorbeeld advertensies
Week 5 – 6	Stories en beskrywings van mense of karakters	Stories, rolspel, beskrywing van mense; uitnodiging; boodskap	Stories; dagboeke
Week 7 – 8	Inligtingstekse: prosedures, instruksies, lyste	Inligtingstekse: prosedures; instruksies, taalspeletjies	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme; tabelle; kopkaarte; kaarte; foto's; grafieke; prosedures; instruksies; definisies
Week 9 – 10	Liedjie, gedig	Liedjie, gedig	Gedig; beskrywing van 'n persoon; beskrywing van 'n voorwerp; dier; plant; plek; taalspeletjies

KWARTAAL 2			
Week 1 – 2	Stories, persoonlike vertelling en die boodskap	Stories, gesprek; boekverslag	Stories
Week 3 – 4	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme; tabelle; prente; grafieke; plakkate; rigtings, beskrywing van 'n voorwerp	Inligtingstekse met beeldmateriaal byvoorbeeld diagramme; tabelle; kopkaarte; kaarte; foto's; grafieke; beskrywings van die items; plante; diere; plekke	Inligtingstekse, byvoorbeeld verslae; beskrywing van items; diere; plante; plekke Visuele teks, byvoorbeeld diagramme; tabelle, ensovoorts
Week 5 – 6	Stories en gedigte	Stories	Stories, persoonlike vertellings; vriendskaplike brief; rolspel
Week 7 – 8	Instruksies: Verduidelik prosedure Inligtingstekse met visuele komponente, byvoorbeeld diagramme; tabelle; prente; grafieke.	Instruksies: Verduidelik prosedure; feitelike verslae	Lees Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld roosters en TV-skedules; diagramme; tabelle; kopkaarte; kaarte; foto's; definisies; boekverslae; opnames; vraelyste, taalspeletjies
Week 9 – 10	FORMELE ASSESSERING		
Kwartaal 3			
Week 1 – 2	Stories, beskrywing van persone; dier; karakter, dialoë, boekverslae	Stories; mondelinge beskrywing van plekke, mense, persoonlike vertellings	Stories; vriendskaplike brief, dagboek; mondelinge beskrywings van plekke; diere; plante; voorwerpe
Week 3 – 4	Inligtingstekse soos feitelike vertelling; nuusartikels; verslae; visuele teks byvoorbeeld plakkate; kennisgewings; gesprekke	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme; tabelle; kopkaarte; kaarte; foto's; grafieke	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme; tabelle; kopkaarte; kaarte; foto's; grafieke; gesprekke; opnames; verslae
Week 5 – 6	Stories; gedigte	Stories; gedigte	Stories; gedigte
Week 7 – 8	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme; tabelle; prente, beskrywings van plekke; plante; diere; voorwerpe; prosedures	Inligtingstekste: prosedures; gesprekke; taalspeletjies; Inligtingstekste vanuit die kurrikulum, byvoorbeeld verslae	Inligtingstekste: prosedures / instruksies; verslae; taalspeletjies; kopkaarte
Week 9 – 10	Dramas; rolspel; dialoë; boekverslae	Dramas; gesprekke; dialoë	Dramas

Kwartaal 4			
Week 1 – 2	Gesprekke; taalspeletjies; stories	Stories; taalspeletjies; persoonlike vertellings	Stories; briewe
Week 3 – 4	Inligtingstekse met beeldmateriaal, byvoorbeeld diagramme; tabelle; prente; onderhoude; geselsprogramme Visuele teks, byvoorbeeld plakkate; kennisgewings; boodskappe	Inligtingstekse: tydskrifartikels; nuusberig, Feitelike teks: plakkate	Inligtingstekse, byvoorbeeld verslae; gesprekke; taalspeletjies; definisies
Week 5 – 6	Stories; taalspeletjies; dagboeke	Stories; gedigte; persoonlike vertellings; boekverslae	Verhale; gedigte; boekverslae; briewe
Week 7 – 8	Gesprekke; praatjies; inligtingstekste; visuele tekste, byvoorbeeld plakkate; kennisgewings	Inligtingstekste, byvoorbeeld verslae; gesprekke; plakkate; Visuele tekste, soos grafieke; diagramme	Mediatekste soos tydskrifartikels; nuusberigte; plakkate; kennisgewings; besprekings
Week 9 – 10	FORMELE ASSESSERING		

3.2.2 Opsomming van tekstipes in Graad 4 – 6

Die tabel hieronder beskryf die tekstipes wat leerder onderrig behoort te word in graad 4 – 6. Ander tekste kan ook ingesluit word waar gepas. Sommige van hierdie tekstipes is nie in die onderrigplanne ingesluit nie. Dit beteken nie dat dit nie deel moet vorm van onderrig en leer nie omdat dit net so belangrik is.

Stelstukke			
Tekstipe	Doel	Teksstruktuur	Taalstrukture
Verhalend	Om te vermaak	Begin met ruimte en karakter bv. <i>Eendag was daar 'n ou vrou wat saam met haar seun, Jack, gewoon het. Hulle was baie arm.</i> Gebeure verdiep bv. <i>Jack het al sy geld uitgegee op boontjies. Sy ma was baie kwaad.</i> 'n Oplossing bv. <i>Jack het met die reus se skatte teruggekome en hulle was gelukkig vir ewig en altyd.</i>	In die eerste – of derdepersoon geskryf. In die verlede tyd geskryf. Gebeure in logiese volgorde. Voegwoorde wat tyd aandui. Gebruik dialoog. Taal wat 'n impak op die leser maak bv. beeldende woorde, bywoorde en byvoeglike naamwoorde.
Beskrywende opstelle	Helder beskrywing	Inleiding: gee 'n algemene inleiding tot die onderwerp bv. <i>Daar was 'n groot dierasie</i> Beskrywing: beskryf kenmerke van die onderwerp bv. <i>Dit het 'n massiewe lyf gehad met geswole puisies waaruit groen slymerige etter getap het.</i>	In die verlede of teenwoordige tyd geskryf. Skep 'n prentjie in woorde Gebruik bywoorde en byvoeglike naamwoorde. Gebruik figuurlike taal bv. vergelyking, metafoer en personifikasie.

Transaksionele tekste			
Tekstipe	Doel	Teksstruktuur	Taalstrukture
Persoonlike brief	Om 'n verhouding in stand te hou	Adres, datum en aanhef Struktuur van die boodskap sal afhang van die doel bv. inlig, gelukwens, simpatiseer. Mag persoonlike hervertelling gebruik. Afsluiting, handtekening	Gewoonlik informele styl, maar kan wissel bv. brief van simpatie mag meer formeel wees. Taalstrukture sal wissel afhangend van die doel van die brief.
Besigheids-brief	Verskillende doelwitte bv. aansoek vir werk, aansoek om 'n beurs, klag, versoek ens.	Skrywer se adres, datum, ontvanger se adres, Mag 'n opskrif hê. Struktuur van boodskap mag wissel afhangend van die doel bv. brief aan die pers. Afsluiting, handtekening	Gewoonlik informele styl Gebruik konvensies soos <i>Liewe Heer/ Dame, Die uwe</i> Kort en op die man af.
Curriculum vitae (CV)	Om 'n kort opsomming van iemand se lewe te gee	Persoonlike besonderhede: naam en van; geboortedatum; geslag; nasionaliteit; ID nommer; fisiese adres; posadres; kontakbesonderhede ens Stokperdjies en belangstellings. Referente Onwerp en uitleg is belangrik	Kort en kragtig Opskrifte en aandagkolle Formeel en direkte styl
Dagboek / joernaal	Optekening van persoonlike ervarings	Gewoonlik in 'n spesiale boek geskryf. Inskrywings gereeld; daaglik of weeklik Datums by inskrywings Persoonlike hervertelling	Gewoonweg in die verlede tyd geskryf. Informele styl. Die skrywer skryf vir hom- of haarself.
E-pos / sms	Inligting deur te gee	Die ontvanger se adres en die diensverskaffer bv. <i>rcornel@pgwc.gov.za</i> <ul style="list-style-type: none"> • CC: Dit is die persone wat ook kennis moet neem van die skrywe. • Subject (Onderwerp): Dit is die onderwerp van die skrywe. • Message (Boodskap): Die boodskap wat oorgedra word. • Sender's name (Stuurder): Die naam van die persoon wat die boodskap stuur. NB: Die een wat die pos stuur se naam wys outomaties as die e-pos ontvang word. Die stuurder mag besluit om ander persoonlike inligting by te voeg.	Dit kom ooreen met spraaktaal.

Uitnodiging	Om iemand iewers na toe te nooi of te vra om iets te doen.	<p>Kan die vorm van 'n persoonlike brief of 'n uitnodigingskaartjie aanneem. Dit sluit in:</p> <p>Die aard van die funksie</p> <p>Waar die funksie sal plaasvind</p> <p>Die datum en tyd</p> <p>Kleredrag</p> <p>Naam van die genooide</p> <p>Dit mag grafiese elemente hê</p>	<p>Kan formeel of informeel wees</p> <p>Gewoonlik kort en op die man af</p> <p>Gebruik konvensionele frases soos <i>Ek wil jou graag nooi om...</i></p> <p>Antwoorde is beleefd bv. <i>Baie dankie vir jou uitnodiging...</i></p>
Aanwysings	Om te verduidelik hoe om by 'n plek uit te kom	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik chronologiese volgorde • Verwys na spesifieke rigtings • Dui afgeronde afstande aan • Gee inligting oor bakens langs die pad 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik opdragvorme • Gebruik kort en duidelike sinne
Prosedure (bv. instruksies, aanwysings en reëls)	Om te beskryf of instruksies te gee van hoe om iets te doen deur 'n reeks stappe te volg	<p>Doel: 'n stelling oor wat bereik wil word bv. <i>Hoe om die omslag van 'n portefeulje te maak.</i></p> <p>Material/gereedskap wat benodig word bv. papier, verf ens</p> <p>Geordende stappe om die doel te bereik bv. <i>Verf eers die papier blou ...</i></p> <p>Mag vergesel word van 'n visuele teks of diagramme.</p>	<p>Geskryf in opdragvorm bv. <i>Verf die papier voor jy dit plak.</i></p> <p>In logiese volgorde.</p> <p>Kan benommering of aandagkollie gebruik.</p> <p>Fokus op die algemene in plaas van spesifieke persone bv. 'n <i>Mens...</i></p> <p>Opmerkings oor oorsaak en gevolg</p>
Advertensies / plakkate / kennisgewings	Om iemand te oorreed om iets te koop of 'n diens te gebruik.	<p>Kan 'n verskeidenheid vorms aanneem</p> <p>Gebruik slagspreuke en kentekens</p> <p>Gebruik visuele en ander ontwerpelemente</p> <p>Gebruik advertensietegnieke</p> <p>Gebruik ontwerpelemente om die aanbieding aantreklik te maak.</p>	<p>Figuurlike taalgebruik om impak te maak en treffende taalgebruik soos vergelyking, metafoor, alliterasie, herhaling, ritme en rym.</p>

Literêre en mediatekste			
Tekstipe	Doel	Teksstruktuur	Taalstrukture
Persoonlike vertelling	Vertel van 'n persoonlike ervaring	<p>Inleiding: Ruimte of konteks word geskets bv. <i>Dit was in die skoolvakansie...</i></p> <p>Vertelling van die gebeure wat plaasgevind het, dikwels in chronologiese volgorde bv. <i>Ons het eers na Tumelo se plek gegaan en daarna ... en toe ...</i></p> <p>Sommige addisionele inligting oor 'n gebeurtenis bv. <i>Hy was verras om my te sien.</i></p> <p>Afsluiting - 'n stelling wat meer inligting mag bevat bv. <i>Ek hoop ek sal meer tyd met Tumelo kan spandeer. Ons het baie pret gehad.</i></p>	<p>Gewoonlik in die verlede tyd geskryf</p> <p>Vertelling in die eerste of derde persoon</p> <p>Tydsaanduidende woorde word gebruik bv. <i>eers, toe, daarna, terwyl ens.</i></p> <p>Fokus op individue of groepe</p> <p>Kan informele styl hê</p>
Dialoog	Dit is die optekening van gebeure, direk van die spreker se gesigspunt.	<p>Wanneer 'n dialoog geskryf word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf die name van die karakters aan die linkerkant van die bladsy; • gebruik 'n dubbelpunt na die naam van die persoon wat praat; • gebruik 'n nuwe reël vir elke spreker; • gee advies tussen hakies aan die leser voor die woorde gespreek word oor hoe om te lees of aan te bied; • skets die agtergrond voor jy begin skryf. 	<p>As die dialoog familie of vriende insluit, word 'n baie informele styl gebruik.</p> <p>Bekende interaksieformules word gebruik vir vrae, versoeke en stellings.</p> <p>Wanneer vreemdelinge ook betrokke is, word 'n meer beleefde aanslag gebruik vir vrae en stellings.</p>
Resensies (bv. verhale, boeke of films)	Om op te som, te ontleed en te reageer op literêre tekste of aanbiedings	<p>Konteks: agtergrondinligting oor die skrywer, illustreerder en tekstipe word gegee</p> <p>Beskrywing van elemente van die teks of produksie soos karakters, kerngebeure en stilistiese kenmerke</p> <p>Evaluering van die werk deur 'n mening of oordeel uit te druk</p>	<p>In die verlede tyd of hede geskryf.</p> <p>Gebruik oordeels-woorde soos <i>genotvol, snaaks, lagwekkend, belangrik, uitstekend ens.</i></p>
Koerantartikel / feitlike verslae	Om in te lig, op te voed en die publiek te vermaak	<ul style="list-style-type: none"> • Stel feite kortliks maar akkuraat • Strewende daarna om die kern weer te gee sonder om die leser te verloor. • Som akkuraat op sonder om die waarheid te skeef. • Gee 'n gepaste titel en subopskrif. • Begin met die belangrikste feite: die wie, wat, waar, hoe, waarom en tot watter graad. 	<ul style="list-style-type: none"> • Kort en helder taal • Geskryf in die derde persoon • Gebruik lydende of bedrywende vorm afhange van die fokus en watter meer aanloklik vir die leser is. • Behoort aanhalings, menings, opmerkings, stellings en waarnemings van betrokkenes of kundiges in te sluit.

Tydskrifartikels	Om in te lig, op te voed en die publiek te vermaak	<ul style="list-style-type: none"> • Die opskrif moet interessant en uitlokkend wees. • Die styl moet persoonlik wees en die leser direk aanspreek. • Die styl kan ook beskrywend en figuratief wees om te spreek tot die verbeelding van die leser. • Name, plekke, tye, posisies en ander noodsaaklike besonderhede behoort in die artikel. • Die artikel moet belangstelling uitlok en die leser boei. 	<ul style="list-style-type: none"> • Direkte aanhalings van persone • Langer paragrawe • Beskrywende skryfwerk • Kan formele en informele taal gebruik, insluitende alledaagse uitdrukkings en sêgoed. • Retoriese vrae • Emotiewe woorde • Beeldryke taal en beskrywing.
-------------------------	--	--	--

3.2.3 Lengte van tekste vir Eerste Addisionele Taal

Taak	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Paragraaf			
• Woorde	30 – 40 woorde	40 – 50 woorde	50 – 60 woorde
• Sinne	6 tot 8 sinne	8 tot 10 sinne	12 tot 16 sinne
Mondelinge, kreatiewe tekste soos oorvertelling of die vertel van stories	100 – 120 woorde	120 – 130 woorde	130 – 150 woorde
Geskrewe kreatiewe en inligtingstekste soos oorvertellings, stories, verslae	Ten minste 50 woorde 1 tot 2 paragrawe	Ten minste 100 woorde 3 paragrawe	Ten minste 150 woorde 5 paragrawe
Langer transaksionele tekste, byvoorbeeld briewe	Slegs inhoud 40 – 60 woorde	60 – 80 woorde	80 – 100 woorde
Korter tekste, byvoorbeeld:			
• boodskappe, notas	20 – 30 woorde	30 – 40 woorde	40 – 60 woorde
• opsommings, dagboek inskrywings, beskrywings	30 – 40 woorde	40 – 50 woorde	50 – 60 woorde

3.2.4 Lengte van tekste vir Eerste Addisionele Taal (luister en lees)

Taak	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Langer luistertekste bv storie, onderhoude, drama en nuusverslae	100–150 woorde of tot 5 min	100–200 woorde of tot 5 min	150–250 woorde of tot 5 min
Korter luistertekste bv aankondigings, inligtingstekste, instruksies en aanwysings	40-60 woorde/1-2 min	50-70 woorde/1-2 min	60-80 woord/1-2 min
Leesbegrip	100-150 woorde	150-200 woorde	200-250 woorde

Die lengte van uitgebreide leeswerk is nie voorgeskryf nie omdat dit van die tipe teks asook die moeilikheidsgraad en die leesvlakke van die leerders afhang.

3.2.5 Aantal woorde wat deur Eerste Addisionele Taalleerders bemeester moet word.

	Kwartaal	1	2	3	4
Woordeskat (Algemene woorde)	Graad 4	1600 – 2000	1700 – 2500	1850 – 3000	2000 – 3500
	Graad 5	2200 – 3750	2400 – 4000	2700 – 4250	3000 – 4500
	Graad 6	3250 – 4750	3500 – 5000	3700 – 5250	4000 – 5500
Leeswoordeskat (Nuwe woorde)	Graad 4	750 – 1700 (75 – 250)	800 – 1900 (75 – 250)	900 – 2200 (75 – 250)	1000 – 2500 (75 – 250)
	Graad 5	1250 – 2700	1500 – 3000	1750 – 3300	2000 – 3500
	Graad 6	2200 – 3800	2400 – 4200	2700 – 4600	3000 – 5000

3.3 ONDERRIGPLANNE

Die onderrigplan dui die minimum inhoud aan wat per kwartaal gedek moet word. Die volgorde van die inhoud wat in 'n tweeweekse siklus gedek moet word, word nie voorgeskryf nie. Die tydstoewysing gee 'n benaderde aanduiding van hoe lank dit behoort te neem om die inhoud te dek. Onderwysers moet hul werkskedules met behulp van hul handboeke uitwerk om met die inhoud vir die tweeweekse siklus tred te hou. Die inhoud wat in 'n tweeweekse siklus aangedui word, bevat die kerntekste / -aktiwiteite met die belangrikste vaardighede en strategieë wat leerders moet ontwikkel.

3.3.1 Hoe tekste met mekaar skakel in 'n tweeweekse siklus

Verskillende tekste is as 'n basis vir die ontwerp van die tweeweeklikse onderrig siklus gebruik. Tekste is gekies op grond van hoe hulle skakel om 'n geïntegreerde eenheid te vorm. Leerders sal, byvoorbeeld, luister na 'n storie en dan die storie lees. Hulle kan gevra word om 'n storie te skryf of 'n kort mondelinge beskrywing van 'n plek, persoon of voorwerp te gee of hulle kan gevra word om 'n brief aan 'n karakter te skryf. Die onderwyser kies 'n tema vir elke tweeweekse siklus sodat aktiwiteite met mekaar verband hou. Die rede vir die gebruik van temas is om dit moontlik te maak om voortdurend woordeskat en taalstrukture in betekenisvolle kontekste vas te lê.

3.3.2 Die volgorde van tekste en aktiwiteite in 'n tweeweekse siklus

Tekste hoef nie in 'n bepaalde volgorde gebruik te word nie. In die meeste gevalle moet daar 'n luister- en praataktiwiteit wees om die leerders vir lees of skryf voor te berei. Soms het die luister- en praataktiwiteite hul oorsprong in die teks. Leerders moet deur mondelinge en leestekste met die verskillende soorte tekste vertrou raak, voordat hulle gevra word om hierdie tekste te skryf. In die meeste gevalle sal die luisterteks op 'n hoër vlak wees as die een wat leerders sal lees. Dit is omdat hul luistervaardighede verder as hul leesvaardighede ontwikkel is.

3.3.3 Aanbevole en voorgeskrewe tekstipes

Daar is voorgeskrewe tekstipes wat in elke tweeweekse siklus onderrig moet word. Dit word in die onderrigplan uiteengesit en behoort in die voorgeskrewe handboeke vervat te word. In die meeste gevalle is geen spesifieke storie voorgeskryf nie. 'n Keuse kan uit 'n verskeidenheid moderne stories, verbeeldingryke stories (soos avontuurverhale, wetenskapfiksie), historiese verhale (soos biografieë) en tradisionele stories (soos mites, legendes, fabels) gemaak word. Dieselfde geld vir gedigte en toneelstukke.

Daar is ook 'n opdrag wat vra dat leerders oor tekste reflekteer wat selfstandig of in pare gelees is. Hierdie tekste kan gekies word uit die klasleesboek / leesreeks / ander boeke wat die voorgeskrewe tekstipes ondersteun. Dit kan dieselfde tekstipe wees wat in die klas onderrig is (om die struktuur van die tekstipe beter te verstaan), óf 'n

ander tekstipe (om leeslus en verdere leesvaardigheid te stimuleer). Die addisionele leeswerk kan verband hou met die onderwerpe en temas van die voorgeskrewe tekstipe volgens die tweeweeksiklus. Hierdie aspek is belangrik omrede dit die leerder se kennis en begrip van die woordeskat en begrippe wat verband hou met die onderwerp / tema, konsolideer. Dit moet egter onthou word dat die uiteindelijke doelwit behoort te wees om die kinders te kry om selfstandig te lees en 'n onafhanklike leesgewoonte te ontwikkel. Gedurende die individuele leessessie moet die leerders daarom geleentheid gegee word om boeke binne hul eie belangstellingsveld(e) te lees en daaroor te reflekteer.

3.3.4 Die aantal kerntekste in 'n tweeweeksiklus

Vroeg in die jaar word daar gewoonlik slegs een of twee tekstipes of aktiwiteite per tweeweeksiklus ingepas. Later mag daar twee of drie tekstipes of aktiwiteite per tweeweeksiklus voorkom. Onderrig hierdie tekstipes en die verwante aktiwiteite en hou in gedagte dat leerders talle kere deur die loop van die jaar daaraan blootgestel sal word.

3.3.5 Die onderrig van taalstrukture en -konvensies

Die inhoud vir taalstrukture en -konvensies word onder die opskrifte *Luister en praat*, *Lees en kyk* en *Skryf en aanbied* aangetref. Taalstrukture moet tydens die onderrigtyd vir *Luister en praat*, *Lees en kyk*, en *Skryf en aanbied*, aandag kry. Wanneer 'n storie byvoorbeeld gelees word, kan leerders tekste lees wat in die verlede tyd geskryf is. Dit is ook belangrik dat aktiwiteite op bepaalde taalstrukture sal fokus en dat taalstrukture in konteks onderrig word. Kies taalitems uit die afdeling “Taalstrukture en -konvensies” en gee leerders addisionele oefening hierin.

Ontwikkel aktiwiteite wat vir leerders betekenisvol is en wat met die tekste wat hulle in die tweeweeksiklus bestudeer het, verband hou. Meer aktiwiteite van hierdie aard moet gedoen word wanneer leerders van graad 4 tot 6 vorder. Kies versigtig watter taalreëls aan die leerders verduidelik moet word en beperk dit tot 'n minimum. Eerste Addisionele Taal-leerders leer 'n taal deur middel van gedurige blootstelling daaraan aan en deur daarvan gebruik te maak. Oefening in taalstrukture en taalkonvensies sal hierdie vaardighede verfyn. Onderrig behoort al die taalvaardighede en taalstrukture so te integreer dat hulle interafhanklik van mekaar is. Alle taalstrukture moet in konteks aangeleer word. Neem ook kennis dat daar ook spesifieke tyd toegeken is vir die formele onderrig van taalstrukture en -konvensies.

3.4 INHOUD EN ONDERRIGPLANNE VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 4

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 1 – 2</p>	<p>Luisterbegrip: luister aandagtig na stories</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniêr (Kies uit kontemporêre, realitiese fiksie / tradisionele stories / persoonlike vertellings / avontuurverhale / werklike lewensverhale)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik stappe van die luisterproses • Beantwoord eenvoudige vrae • Vertel 'n storie in die regte volgorde • Benoem karakters in die storie korrek • Druk gevoelens oor die storie uit • Gee 'n eenvoudige, persoonlike vertelling • Gebruik eie ervaring • Kies toepaslike onderwerp • Bly by die onderwerp • Vertel 'n gebeurtenis in die korrekte volgorde <p>Oefen luister en praat (kies 'n teks vir daaglikse gebruik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dra 'n eenvoudige rympte, gedig of lied voor • Reageer fisies op instruksies • Speel 'n eenvoudige taalspeletjie 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniêr</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente / illustrasies • Gebruik leesstrategieë soos die maak van voorspellings, gebruik klank- en kontekstuele leidrade • Beantwoord vrae oor die teks • Verduidelik die verhaallyn en identifiseer die hoofkarakters • Vertel 'n storie in korrekte volgorde • Druk gevoelens oor die storie uit <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek nuwe woordeskat uit die teks • Spel tien woorde uit die teks • Gebruik 'n woordeboek om alfabetiese volgorde vas te lê <p>Besin oor tekste wat reeds gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hervertel storie of hoofgedagtes 	<p>Skryf oor die storie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf sinne oor die storie (byvoorbeeld 'n opsomming of 'n eie slot) • Skryf sinne om uitdrukking aan menings of gevoelens oor die storie te gee • Gebruik punktuasie korrek <p>Skryf 'n eenvoudige, persoonlike vertelling met behulp van 'n raam, byvoorbeeld: gister ... / toe ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maak gebruik van 'n raam • Skryf uit eie ervaring • Kies 'n toepaslike onderwerp • Bly by die onderwerp • Vertel gebeurtenis in die korrekte volgorde 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik woordeboeke vir korrekte spelling van woorde • Skep 'n persoonlike woordeboek: • Skryf die letters van die alfabet bo-aan bladsye • Skryf 5 woorde en hul betekenis neer, of teken die woord, gebruik dit in 'n sin of gee 'n verduideliking van die woord • Alfabetiese rangskikking van woorde • Vokale en konsonante • Sinonieme <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Selfstandige naamwoord: soortname (meervoud, geslag, verkleining) • Idiomatiese uitdrukkings • Spelling en punktuasie • Spel bekende woorde korrek • Hoofletters • Leestekens: punt, komma, vraagteken <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 3 – 4</p>	<p>Luisterbegrip: luister na inligtingstekste, byvoorbeeld 'n feitlike vertelling of eenvoudige nuusberig</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord vrae • Beskryf die gebeurtenis • Deel idees en lug eie mening <p>Gee 'n feitlike vertelling van 'n nuusgebeurtenis wat op persoonlike ervaring gebaseer is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vertel oor / beskryf die voorval in ten minste 3 sinne • Kies gepaste inhoud • Vertel in die korrekte volgorde <p>Luister na en reageer op eenvoudige, mondelinge aanwysings</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volg die voorskrifte • Toon begrip van woordeskat wat met rigting verband hou, byvoorbeeld links, regs, bo, onder <p>Oefen luister en praat (kies 'n teks vir daaglikse gebruik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dra 'n eenvoudige nympie, gedig of lied voor • Reageer op instruksies • Speel 'n eenvoudige taalspeletjie 	<p>Leesbegrip: lees 'n inligtingstekste soos 'n feitlike vertelling of 'n nuusberig</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente / illustrasies • Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld deur voorspellings te maak en kontekstuele leidrade te gebruik om betekenis te skep • Bespreek die titel en kop van nuusberigte / bespreek opskrifte en subopskrifte <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord vrae oor die hoofgedagte en spesifieke besonderhede • Verduidelik betekenis van onbekende woorde • Lees 'n eenvoudige kaart • Identifiseer plekke op 'n kaart • Volg 'n roete op 'n kaart • Beskryf 'n roete op die kaart met woordeskat wat met rigting verband hou <p>Besin oor tekste wat gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vertel die storie of verduidelik hoofgedagtes 	<p>Skryf 'n feitlike verhaal of skryf 'n nuusgebeurtenis wat op persoonlike ervaring gebaseer is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf sinne oor 'n gebeurtenis aan die hand van 'n raam • Kies toepaslike inhoud • Skep 'n titel • Gebruik gepaste woordeskat • Gebruik gepaste grammatika, spelling en punktuasie • Korrigeer spelling aan die hand van 'n woordeboek <p>Byskrifte by 'n eenvoudige kaart</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf die name van die plekke en ander kenmerke op die kaart 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf woorde en hul betekenis in eie woordeboek • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Woordsoorte: voornaamwoord (persoonlik, onpersoonlik), telwoord, voegwoord, bywoord, voorsetsele • Idiome en idiomatiese uitdrukkings <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoofletters • Spel bekende woorde korrek • Verdubbeling van konsonante en vokale • Vokaalfekens in geslote lettergrepe (aap, oor) <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 5 – 6</p> <p>Luisterbegrip: luister na 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnleër (Kies uit kontemporêre, realitiese fiksie / tradisionele stories / persoonlike vertellings / avontuurverhale / werklike lewensverhale)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voorspel wat volgende gaan gebeur • Beantwoord eenvoudige vrae • Vertel 'n storie in die regte volgorde • Kry name van karakters in die storie korrek • Identifiseer karakters uit mondelinge beskrywings • Druk gevoelens oor die storie uit <p>Beskryf die mense / karakters uit die storie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik hoe die mense / voorwerpe lyk • Gebruik 'n paar nuwe woorde wat uit die storie geleer is • Gebruik byvoeglike naamwoorde <p>Oefen luister en praat / hardoplees (kies 'n teks vir daaglikse gebruik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop met toepaslike uitspraak en uitdrukking • Dra 'n eenvoudige rympte, gedig of liedjie voor • Reageer op instruksies • Speel 'n eenvoudige taalspeletjie 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnleër</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente / illustrasies • Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld die maak van voorspellings, gebruik klank- en kontekstuele leidrade • Verduidelik die verhaallyn en identifiseer die hoofkarakters • Hervertel die storie in korrekte volgorde • Druk gevoelens oor die storie uit • Beantwoord vrae oor die teks <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek nuwe woordeskat uit die teks • Spel tien woorde uit die teks <p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vertel die storie of hoofgedagtes 	<p>Skryf oor 'n storie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf sinne oor die storie (byvoorbeeld 'n paragraaf of 'n eie einde) • Skryf eie sinne om aan menings of gevoelens oor die storie uitdrukking te gee • Gebruik punktuasie korrek <p>Skryf 'n beskrywing (paragraaf) van mense of karakters uit die storie met behulp van 'n skryfraam</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf sinne oor hoe die mense lyk • Gebruik 'n paar nuwe woorde wat uit die storie geleer is • Gebruik byvoeglike naamwoorde • Korrigeer spelling deur 'n woordeboek te gebruik 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde • Sinonieme en antonieme • Samestellings • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek op • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Selfstandige naamwoord (getal, geslag, verkleining), byvoeglike naamwoord, hoof- en hulpwerk-woorde, voegwoord, voornaamwoord • Tydsvorme • Letterlike en figuurlike taalgebruik <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel bekende woorde korrek • Afkappingstekens • Woorde op d / t en woorde met i / ie • Afkortings <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>	

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
WEEK 7 – 8	<p>Luisterbegrip: luister na en voer instruksies uit, byvoorbeeld resep / instruksies vir vervaardiging of hoe om iets te doen / te maak</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies • Beantwoord vrae • Vra vrae om inligting te bekom • Luister en reageer gepas • Beskryf wat gedoen moet word <p>Gee eenvoudige instruksies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die korrekte besonderhede en volgorde • Gebruik die bevelvorm van die werkwoord <p>Oefen luister en praat / hardoplees (kies 'n teks vir daaglikse gebruik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop met toepaslike uitspraak en uitdrukking • Dra 'n eenvoudige rymple, gedig of lied voor • Reageer op instruksies • Speel 'n taalspeletjie 	<p>Leesbegrip: lees instruksietekste byvoorbeeld resep / instruksies vir die vervaardiging of hoe om iets te doen / te maak</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en foto's • Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld voorspelling, prente / illustrasies, gebruik kontekstuele leidrade • Beantwoord vrae oor die teks • Beskryf wat gedoen moet word • Bespreek besonderhede van die teks • Bespreek volgorde van instruksies • Volg die instruksies <p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vergelyk boeke wat gelees is 	<p>Skryf eenvoudige instruksies met behulp van 'n skryfraam</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nommer die instruksies • Gebruik die korrekte besonderhede • Gebruik die regte volgorde • Skryf die instruksies met behulp van 'n skryfraam • Gebruik werkwoorde korrek • Korrigeer spelling deur 'n woordeboek te gebruik <p>Skryf 'n lys</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf 'n lys van items • Gebruik die korrekte formaat • Gee die lys 'n opskrif • Gebruik sinne korrek 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voor- en agtervoegsels • Samestellings • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sinsoorte: bevelsinne • Woordsoorte: voornaamwoord (aanwysend en besittlik), selfstandige naamwoord, lidwoord, telwoord <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoofletters • Komma, punte • Skryftekens: kappie en deelteken • Spel bekende woorde korrek • Verdubbeling van konsonante en vokale <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 1				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 9 – 10</p>	<p>Luisterbegrip: luister na 'n liedjie of eenvoudige gedig</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniëer • Herroep die hoofgedagte • Bespreek die sentrale idee • Bespreek met betrekking tot eie ervaring • Identifiseer rym en ritme • Breek woorde in lettergrepe op • Druk gevoelens uit wat deur die teks gestimuleer is • Dra liedjie / gekose reëls voor <p>Speel 'n meer gevorderde taalspeleljie / rolspel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volg instruksies korrek • Gebruik 'n verskeidenheid van woordeskat • Neem beurte, gee ander 'n geleentheid om te praat <p>Oefen luister en praat / hardoplees (kies 'n teks vir daaglikse gebruik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop met toepaslike uitspraak, ritme en uitdrukking • Dra 'n eenvoudige rymple, gedig of lied voor • Reageer fisies op instruksies 	<p>Leesbegrip: lees 'n eenvoudige gedig</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniëer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van titel en foto's • Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld voorspelling, kyk na prentie / illustrasies, gebruik kontekstuele leidrade • Beantwoord vrae oor die teks • Identifiseer ritme en rym (alliterasie, assonansie) • Verdeel woorde in lettergrepe • Druk gevoelens uit wat deur die teks gestimuleer is <p>Los 'n woordraaisel op</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel woorde korrek • Toon begrip van betekenis van woorde <p>Bespreek tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek emosionele reaksie op tekste. 	<p>Skryf 'n eenvoudige gedig aan die hand van 'n skryfraam</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf pare sinne van dieselfde lengte wat rym • Gebruik gepaste ritme en rym • Gebruik kennis van lettergrepe om die ritme te ontwikkel <p>Oefen skriftelik</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf woorde wat met dieselfde klank begin, byvoorbeeld: Oulike Ousus 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde • Lettergrepe en klankgrepe • Vokale en konsonante • Sinonieme en antonieme • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Woordsoorte: voorsetsels, byvoeglike naamwoord (intensiiewe vorme, trappe van vergelyking) • Woordorde in sinne • Letterlike en figuurlike taalgebruik <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel bekende woorde korrek • Verdubbeling van vokale en konsonante • Vraagteken, uitroepteken <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
WEEK 1 – 2	<p>Kies uit kontemporêre realistiese fiksie / tradisionele stories / persoonlike hervertellings/ avontuurverhale / werklike lewensverhale</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnêr</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik stappe van die luisterproses • Voorspel wat volgende gaan gebeur • Beantwoord eenvoudige vrae • Hervertel 'n storie in die regte volgorde • Benoem die karakters in die storie korrek • Identifiseer karakters uit mondelinge beskrywings • Gee 'n persoonlike reaksie op die storie <p>Gee 'n persoonlike hervertelling</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kies uit eie ervaring • Kies 'n toepaslike onderwerp • Bly by die onderwerp • Hervertel gebeurtenis in korrekte volgorde <p>Oefen luister en praat / hardoplees (gedeelte teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop met toepaslike uitspraak, uitdrukking en tempo • Dra 'n eenvoudige rymple, gedig of lied voor • Reageer op instruksies • Speel 'n eenvoudige taalspeletjie 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnêr</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspelling op grond van titel en foto's • Gebruik leesstrategieë byvoorbeeld die maak van voorspellings en gevolgtrekkings, gebruik klank en kontekstuele leidrade • Stel en beantwoord vrae oor die storie • Identifiseer intrige, ruimte en karakter • Verduidelik menings oor die teks <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skrifteik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek nuwe woordeskat uit die lees teks • Gebruik 'n woordeboek <p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deel menings oor die boek 	<p>Skryf 'n boodskap</p> <p>Kies toepaslike inhoud</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die korrekte formaat • Adresseer teks aan 'n persoon • Eindig met eie naam <p>Skryf 'n persoonlike hervertelling aan die hand van 'n skryfraam (byvoorbeeld gister ... daarna ...)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maak van 'n skryfraam gebruik • Skryf uit eie ervaring • Kies toepaslike onderwerp • Bly by die onderwerp • Hervertel gebeurtenis in korrekte volgorde • Gebruik uitgebreide woordeskat 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verdubbeling van konsonante en vokale • Sinonieme en antonieme • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Woordsoorte: selfstandige naamwoord, byvoeglike naamwoord, werkwoord, voornaamwoord (vraend) • Idiome en idiomatiese uitdrukkings <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel bekende woorde korrek • Skryftekens: kappie en deelteken <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
WEEK 3 – 4	<p>Luisterbegrip: luister na 'n inligtingsteks, byvoorbeeld weerslae of 'n beskrywing van 'n plek</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniêr • Identifiseer spesifieke besonderhede • Interpretêr die inligting wat met persoonlike ervarings verband hou <p>Luister na 'n beskrywing en beskryf 'n voorwerp / 'n gebeurtenis</p> <ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer beskrywende woorde • Gebruik 'n paar nuwe woorde • Gebruik byvoeglike naamwoorde <p>Oefen luister en praat (gedeelde teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dra 'n eenvoudige rymple, gedig of lied voor • Reageer op instruksies • Speel 'n eenvoudige taalspeletjie 	<p>Leesbegrip: lees 'n inligtingsteks met visuele komponente, byvoorbeeld 'n diagram / tabel / kopkaart / kaart / prent / illustrasie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniêr</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspelling op grond van titel en prente / visuele leidrade • Gebruik leesstrategieë, soos vluglees • Stel en beantwoord vrae • Bespreek hoofgedagte en spesifieke besonderhede • Interpretêr die inligting in die visuele teks <p>Lees 'n visuele teks, byvoorbeeld 'n plakkaat wat 'n gebeurtenis adverteer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: bespreek prent / illustrasie • Interpretêr die inligting • Bespreek die doel van die teks • Bespreek die taal wat gebruik word • Identifiseer en bespreek ontwerpken-merke soos kleur en verskillende groottes of lettertipes <p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vergelyk boeke / tekste wat gelees is 	<p>Som 'n inligtingsteks op</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vul die ontbrekende woorde in in 'n opsomming of op 'n grafiek / tabel / kopkaart • Gebruik gepaste woordeskat • Gebruik 'n paar nuwe woorde uit die gelese teks <p>Ontwerp 'n visuele teks, byvoorbeeld 'n plakkaat wat 'n gebeurtenis adverteer</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kies toepaslike inligting • Gebruik die korrekte formaat • Gebruik ontwerpselemente soos kleur en verskillende groottes of lettertipes 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde • Oop- en geslote lettergrepe • Antonieme, sinonieme, homofone • Woordeboek-vaardighede • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Woordsoorte: bywoord (tyd, plek, wyse), byvoeglike naamwoord (intensiewe vorme, trappe van vergelyking) • Voorsetsels (ook in vaste verbinding) <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel bekende woorde korrek • Woorde wat eindig op t / d; woorde met ei / y • Leestekens: punt, komma, vraagteken, uitroepteken, aanhalingsteken, dubbelpunt <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
WEEK 5 – 6	<p>Luisterbegrip: luister na 'n storie Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnier</p> <p>Kies uit kontemporêre, realistiese fiksie; tradisionele stories; persoonlike hervertellings; avontuurverhale; staaltjies; fantasie; lewensverhale of historiese fiksie</p> <ul style="list-style-type: none"> Voorspelling wat volgende gaan gebeur Bespreek intrige, ruimte en karakters Bespreek gebeure in die verhaal Gee 'n persoonlike reaksie op die storie Hervertel storie in die regte volgorde, verbind woorde <p>Speel 'n meer komplekse taalspeletjie</p> <ul style="list-style-type: none"> Volg instruksies korrek Gebruik 'n verskeidenheid woordeskat Neem beurte, gee ander 'n kans om te praat <p>Oefen luister en praat / hardoplees (gedeelde teks)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees hardop met toepaslike uitspraak en uitdrukking Dra 'n eenvoudige rymple, gedig of lied voor Gee en volg eenvoudige instruksies / opdragte Hervertel eie nuus 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie met dialoog Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnier</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspelling na aanleiding van die titel en prente Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld voorspelling, kontekstuele leidrade Bespreek intrige, ruimte en karakters Bespreek gebeure in die verhaal Gee 'n persoonlike reaksie op die storie Som storie op Identifiseer watter dele van die verhaal in die dialoog voorkom Rolspeel die storie of 'n deel van die storie <p>Lees 'n dagboek of dagboek-inskrywings</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspel na aanleiding van titel en prente / illustrasies Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld voorspelling, kontekstuele leidrade Identifiseer en bespreek die skrywer van die dagboek Druk gevoelens uit gestimuleer deur die teks <p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> Lê verbande met eie ervaring 	<p>Skryf 'n storie met dialoog</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike inhoud Maak gebruik van 'n raam Gebruik die direkte rede vir 'n dialoog Brei sinne uit deur byvoeglike naamwoorde en bywoorde te gebruik Gebruik uitgebreide woordeskat, insluitend voornaamwoorde en Verbindingswoorde Gebruik gepaste grammatika, spelling en punktuasie 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> Afleidings en samestellings Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordsoorte: bywoord, byvoeglike naamwoord Direkte en indirekte rede <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> Spel bekende woorde korrek Spelpatrone Leestekens (aanhalingstekens) <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 2				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 7 – 8</p>	<p>Luisterbegrip: luister na en voer instruksies uit byvoorbeeld reseps / instruksies vir die vervaardiging, of hoe om iets te doen</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies • Bespreek spesifieke besonderhede van die teks • Vra vrae om inligting te bekom • Luister en reageer gepas <p>Gee instruksies (ten minste twee stappe)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik gepaste woordeskat • Gebruik werkwoorde korrek • Gee instruksies in die korrekte volgorde <p>Klassifiseer dinge</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verdeel items in groepe volgens spesifieke kriteria • Verduidelik waarom dinge saam hoort <p>Oefen luister en praat (gedeelde teks)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Reageer op instruksies • Gee en volg eenvoudige instruksies / opdragte 	<p>Leesbegrip: lees 'n prosedure-tek, byvoorbeeld 'n reseps / instruksies</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente / illustrasies • Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld voorspelling, kontekstuele leidrade • Bespreek spesifieke besonderhede • Bespreek volgorde van instruksies <p>Lees 'n inligtingstek met visuele komponente, byvoorbeeld 'n plakkaat / pamflet</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel volgens titel / prent / illustrasie • Vra en beantwoord vrae • Verduidelik hoofgedagte • Interpreteer visuele teks <p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek emosionele reaksie op teks 	<p>Skryf 'n proseduretek, byvoorbeeld 'n reseps / instruksies</p> <ul style="list-style-type: none"> • Voltooi besonderhede in 'n raam • Hou by onderwerp • Gebruik gepaste woordkeuse, spelling en leestekens <p>Skryf en ontwerp 'n visuele teks, byvoorbeeld 'n plakkaat / pamflet / kennisgewing</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik korrekte formaat • Kies toepaslike inligting en woordkeuse • Gebruik ontwerpselemente soos kleur en verskillende lettertype en -groottes 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bou op kennis van hoëfrekwensiewoorde • Sinonieme, antonieme, homofone • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Woordsoorte: selfstandige naamwoord (versamelname), voornaamwoord (persoonlik, besittlik) • Enkelvoudige sin (onderwerp, gesegde, voorwerp) • Woordorde <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel bekende woorde korrek • Spelpatrone • Leestekengebruik in sinne <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>
<p>WEEK 9 – 10</p>	FORMELE ASSESSERING			

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIËS
WEEK 1 – 2	<p>Luisterbegrip: luister na 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnier (Kies uit kontemporêre realistiese fiksie / tradisionele stories / persoonlike verslae/ avontuurverhale / snaakse stories / fantasieë / werklike lewenstories)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik stappe van luisterproses • Bespreek intrige, ruimte en karakters • Beantwoord eenvoudige vrae • Noem korrekte name van karakters in die storie • Hervertel 'n storie in die regte volgorde • Druk gevoelens oor die storie uit • Beskryf oorsake en gevolge van die optrede of gebeure <p>Beskryf 'n persoon / dier / karakter uit die storie / plek waar die storie afspeel</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik hoe die persoon / dier / karakter / plek lyk • Gebruik 'n paar nuwe woorde uit die storie • Gebruik byvoeglike naamwoorde vir beskrywing 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnier</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente • Interpreteer en verduidelik die boodskap • Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld voorspelling, kontekstuele leidrade, afleidings maak • Hervertel gebeure in die korrekte volgorde • Spreek gevoelens oor die teks uit en motiveer • Bespreek die hoofkarakter en ander karakters • Doen rolspel wat op die storie gebaseer is <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <p>Lees 'n eenvoudige boekresensie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer belangrike inligting, byvoorbeeld die titel, skrywer • Identifiseer hoofgedagtes • Bespreek formaat van die resensie • Bespreek respons op die resensie 	<p>Skryf 'n dialoog</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kies toepaslike inhoud vir die onderwerp • Gebruik die raam gepas • Karakters se "dialoog" volg in logiese volgorde • Gebruik gepaste grammatika, spelling, leestekens en spasies tussen paragrawe <p>Gee 'n beskrywing (paragraaf) van 'n persoon / dier / plek</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beskryf duidelik • Gebruik behoorlik gekonstrueerde, volledige sinne • Gebruik hoof- en ondersteun-ende gedagtes • Gebruik gepaste grammatika, spelling en punktuasie 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sinonieme en antonieme • Homonieme en homofone • Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer • Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> • Woordsoorte: selfstandige naamwoord, bywoord, byvoeglike naamwoord • Direkte en indirekte rede <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spel bekende woorde korrek • Hoofletters • Koppelteken • Afkortings <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
	<p>Oefen luister en praat / hardop lees (kies 'n teks vir daaglikse gebruik)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop met toepaslike uitspraak, uitdrukking en tempo • Dra 'n eenvoudige rympie, gedig of lied voor • Speel 'n eenvoudige taalspeletjie • Gee en volg eenvoudige instruksies / opdragte • Hervertel eie nuus • Hervertel 'n storie wat jy gehoor of gelees het 	<p>Besin oor tekste wat selfstandig gelees is / lees in pare</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gee 'n kort mondelinge resensie van 'n boek • Gee 'n kort, mondelinge resensie deur 'n geskikte raam te gebruik 		

GRAAD 4 KWARTAAL 3				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 9 – 10</p>	<p>Neem deel aan 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniêr</p> <ul style="list-style-type: none"> Vra relevante vrae en reageer op vrae Hou vol met Hou vol met gesprekvoering Gee uitdrukking aan menings Respekteer ander se idees Moedig ander leersers aan om die addisionele taal te praat <p>Voer eenvoudige toneelstukke op</p> <ul style="list-style-type: none"> Gebruik gepaste inhoud en taal Gebruik die direkte rede Ontwikkel 'n sinvolle storielyn Gebruik stem, gebare en uitdrukking om betekenis oor te dra Spreek woorde hoorbaar en korrek uit <p>Oefen luister en praat / hardoplees (gedeelde teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees hardop met gevoel, wat begrip van die teks toon Lees hardop met behoorlike uitspraak, tempo en volume Voer 'n gedig op Speel 'n taalspeletjie Gee en volg instruksies Bespreek 'n onderwerp 	<p>Lees 'n toneelstuk</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniêr</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel Gebruik leesstrategieë Identifiseer die storielyn Bespreek karakters, plek/ruimte en handeling Druk eie gevoelens uit, na aanleiding van die teks Bespreek kenmerke van die teks, veral punktuasie en formaat <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <p>Besin oor tekste wat selfstandig / in pare gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> Bied 'n kort mondelinge boekverslag met toepaslike inhoud en struktuur aan Gee eie mening 	<p>Skryf 'n kort toneelstuk in 'n meer informele skryfstyl!</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike karakters Ontwikkel die gesprek en handeling logies Gebruik die direkte rede Gebruik gepaste punktuasie, byvoorbeeld dubbelpunte, uitroeptekens en vraagtekens <p>Gebruik die stappe van die skryfproses</p> <ul style="list-style-type: none"> Hou 'n dinkskrum vir idees Produseer eerste konsep Kry terugvoering en hersien konsep Proeflees Skryf die finale weergawe Bied die netjiese, leesbare, weergawe met die korrekte spasiering aan 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde Klankpatrone (hersien) Afleiding, samestelling, voor- en agtervoegsels Oop- en geslote lettergrepe (hersien) Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordsoorte: lidwoord, byvoeglike naamwoord, voornaamwoord, hulpwerkwoord Direkte en indirekte rede Ontkenning Idiomatiese uitdrukkings Verbindingswoorde (vir paragrawe) <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> Spel bekende woorde korrek Los en vas skryf Skryftekens afkortings <p>Woordeskat in konteks (uit gelese tekste)</p>

GRAAD 6 KWARTAAL 4				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 1 – 2</p>	<p>Luisterbegrip: luister na 'n storie Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniër (Kies uit kontemporêre, realistiese fiksie / tradisionele stories / persoonlike verslae / avontuurverhale / snaakse stories / fantasie / werklike lewenstories / historiese fiksie)</p> <ul style="list-style-type: none"> Vra relevante vrae en reageer op vrae Som die storie op Vra en beantwoord meer komplekse vrae Bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies in 'n storie, gebruik kodeswisseling indien nodig <p>Vertel eie storie</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike inhoud en titel Organiseer gebeure logies Benoem die karakters Gebruik verbindingswoorde <p>Bied 'n mondelinge boekresensie aan</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike inhoud en struktuur Spreek eie opinie uit en motiveer Bied resensie vlot aan <p>Oefen luister en praat / hardop lees (gedeelte teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees hardop, met gevoel wat begrip toon Lees hardop met behoorlike uitspraak, tempo en volume Voer 'n gedig op Speel 'n taalspeletjie Gee en volg instruksies Bespreek 'n onderwerp 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniër</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente Gebruik leesstrategieë: gebruik kontekstuele leidrade om die betekenis van nuwe woorde te vind Bespreek intrige, plek/ruimte en karakters Bespreek die volgorde van gebeure Beantwoord vrae oor wat eerste, tweede, ensovoorts gebeur het Vra en beantwoord meer komplekse vrae Spreek eie opinie uit en motiveer die opinie Bespreek hoe die karakters 'n bepaalde siening van die wêreld verteenwoordig Bespreek die rol wat visuele beelde speel Bespreek alternatiewe maniere van aanbieding van karakters <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik) Lees persoonlike briewe</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspel gebaseer op vluglees van die teks Gebruik leesstrategieë: kontekstuele leidrade om die betekenis van nuwe woorde te vind Identifiseer hoofgedagte en spesifieke besonderhede Bespreek die doel van die brief Bespreek die formaat van die brief <p>Besin oor tekste wat selfstandig / in pare gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> Hervertel die storie in 5 of 6 sinne 	<p>Skryf 'n eenvoudige storie</p> <ul style="list-style-type: none"> Gebruik die storie-struktuur as 'n raam Gebruik verbeeldingryke taal en 'n uitgebreide woordeskat Verbind sinne tot 'n samehangende paragraaf deur voornaamwoorde, Verbindingswoorde Gebruik gepaste grammatika, spelling en punktuasie Gebruik konsekwent die korrekte tydsvorm Gebruik die woordeboek om spelling en betekenis na te gaan <p>Gebruik die stappe van die skryfproses</p> <ul style="list-style-type: none"> Hou 'n dinkskrum vir idees Skryf 'n eerste konsep Hersien Redigeer Skryf die finale weergawe Bied 'n netjiese, leesbare weergawe aan 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde Alfabetiese rangskikking Klankgrepe en lettergrepe Afleiding, samestelling, voor- en agtervoegsels Sinonieme en antonieme Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordsoorte: voornaamwoord, selfstandige naamwoord, hoof- en hulpwerkwoord, bywoord, telwoord, voegwoord, tussenwerpsel Ontkenning Idiomatiese uitdrukkings <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> Spel bekende woorde korrek Skryftekens Hoofletters Afkortings, verkortings, akronieme <p>Woordeskat in konteks (uit gelese tekste)</p>

GRAAD 6 KWARTAAL 4				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
<p>WEEK 3 – 4</p>	<p>Neem aan 'n bespreking deel</p> <ul style="list-style-type: none"> Bespreek voor- en nadele Gebruik konsepte en woordeskat, byvoorbeeld dié wat met ander vakke verband hou Maak beurte om te praat Respekteer ander se opinies Moedig ander aan om te praat <p>Luister na en bespreek 'n praatjie</p> <ul style="list-style-type: none"> Bespreek hoofgedagtes en besonderhede Dui spesifieke inligting op 'n kaart of kopkaart aan <p>Speel 'n taalspeletjie</p> <ul style="list-style-type: none"> Volg instruksies korrek Gebruik 'n uitgebreide woordeskat Maak beurte, gee ander 'n kans om te praat <p>Oefen luister en praat / hardop lees(gedeelte teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees hardop met toepasslike uitspraak, vlotheid en uitdrukking Voer 'n gedig op Speel 'n taalspeletjie Gee en volg instruksies Bespreek 'n onderwerp 	<p>Leesbegrip: lees 'n inligtingstek</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnleër</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: lees en bespreek opskrifte en prente Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld soeklees vir inligting Let op na die rol wat prente en foto's in die bou van betekenis speel Beantwoord vrae oor die teks Identifiseer voor- en nadele Som 'n paragraaf op (met hulp) <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees en los 'n woordraaisel op Gebruik woorde korrek Toon begrip van woordbetekenis Gebruik relevante woordeskat <p>Besin oor tekste wat selfstandig / in pare gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> Spreek emosies na aanleiding van gelese tekste uit Bring teks met eie ervaring in verband 	<p>Gebruik inligting uit 'n visuele teks, byvoorbeeld 'n kaart / tabel / diagram / kopkaart / landkaart / prente / grafiek om 'n teks te skryf</p> <ul style="list-style-type: none"> Skryf 2 tot 3 paragrawe Organiseer feite korrek en goed Spelling en punktuasie is korrek <p>Skryf 'n visuele inligtingstek</p> <ul style="list-style-type: none"> Maak 'n kopkaart-opsomming van 'n kort teks Organiseer voor- en nadele in 'n tabel <p>Skryf definisies met voorbeelde</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike items om te definieer Gebruik konkrete, relevante voorbeelde Kies toepaslike inligting Gebruik woordeskat wat met ander vakke verband hou Gebruik 'n woerdeboek om spelling en betekenis na te gaan 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde Klankpatrone Oop en geslote lettergrepe Afleidings en samestellings Sinonieme, antonieme, homonieme homofone Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woerdeboek neer Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordsoorte: hersiening Verkleining, meervoud, geslag (hersiening) Sinsoorte (hersiening) Enkelvoudige sin (hersiening) Ontkenning (hersiening) <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> Hersiening van leestekens en skryftekens Afkortings, verkorting, akronieme Hoofletters <p>Woordeskat in konteks (uit gelese tekste)</p>

GRAAD 6 KWARTAAL 4				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
WEEK 5 – 6	<p>Luisterbegrip: luister na 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniër</p> <p>(Kies uit kontemporêre realistiese fiksie / tradisionele stories / persoonlike verslae / avontuurverhale / snaakse stories / fantasie / werklike lewensstories / historiese fiksie)</p> <ul style="list-style-type: none"> Vra relevante vrae en reageer op vrae Som die storie op Beantwoord en vra meer komplekse vrae Lug 'n mening en motiveer dit, byvoorbeeld oor etiese, sosiale en kritieke kwessies in 'n storie, gebruik kodewisseling indien nodig Gebruik tydsvorme wat in vroeëre grade bekend gestel is, byvoorbeeld verlede en toekomstige tyd <p>Luister na 'n gedig /te</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniër</p> <ul style="list-style-type: none"> Herroep die hoofgedagte Bespreek die sentrale idee Lê verbande met eie ervaringe Identifiseer rym en woorde wat met dieselfde klanke begin (alliterasie) Identifiseer en bespreek vergelykings Bespreek gevoelens na aanleiding van die gedig Voer lied / verstreëls op 	<p>Leesbegrip: lees 'n storie</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbroniër</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspel na aanleiding van die titel en prente Gebruik leesstrategieë om die betekenis van nuwe woorde uit te vind Bespreek intrige, agtergrond en karakters Bespreek die volgorde van gebeure Beantwoord vrae oor wat eerste, tweede, ensovoorts gebeur het Vra en beantwoord meer komplekse vrae Spreek eie mening uit en motiveer dit <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees gedigte Pre-lees: voorspel na aanleiding van titel en prente Gebruik leesstrategieë, byvoorbeeld kontekstuele leidrade Beantwoord vrae oor die gedig Bespreek eie gevoelens na aanleiding van die gedig Bespreek rym en alliterasie Bespreek vergelykings wat in die gedig voorkom 	<p>Skryf 'n boekresensie</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike inhoud en struktuur Spreek eie opinie uit en motiveer dit Sluit titel, karakters en opsomming in <p>Skryf 'n persoonlike brief</p> <ul style="list-style-type: none"> Kies toepaslike inhoud Gebruik slegs 'n raam indien nodig Dui boodskap reg aan Orden inligting logies Skryf eie naam onderaan Gebruik 'n informele skryfstyl wat vir die doel gepas is <p>Gebruik die stappe van die skryfproses</p> <ul style="list-style-type: none"> Hou 'n dinkskrum oor idees Skryf 'n eerste konsep Hersien Redigeer Skryf die finale weergawe en bied dit aan Gebruik 'n woordeboek om spelling en betekenis na te gaan 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde Verdubbeling van konsonante en vokale Sinonieme en antonieme Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer Gebruik sinne, tekeninge of verduidelik-ings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordsoorte (hersiening) Enkelvoudige, veelvoudige en saamgestelde sinne (hersiening) Sinsoorte (hersiening) Tydsvorme Ontkenning (hersiening) Woordorde Verbindingswoorde (sodat, as, dan) Idiome <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> Spel bekende woorde korrek Spelpatrone: f- / y-woorde; i / ie-woorde; woorde wat eindig op d / t Afkortings, verkortings, akronieme Skryftekens (hersiening) <p>Woordeskat in konteks (uit gelese teks)</p>

GRAAD 6 KWARTAAL 4				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
	<p>Oefen luister en praat / hardoplees (gedeelte teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop, met gevoel wat begrip toon • Lees hardop met behoorlike uitspraak, tempo en volume • Voer 'n gedig op • Speel 'n taalspeletjie • Gee en volg instruksies • Bespreek 'n onderwerp • Hervertel gebeurtenisse of ervarings in die regte volgorde en beantwoord vrae oor wat eerste, tweede, derde, ensovoorts gebeur het 	<p>Besin oor tekste wat selfstandig / in pare gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lewer 'n gestruktureerde boekresensie in 'n goeie mondelinge aanbieding 		

GRAAD 6 KWARTAAL 4				
VAARDIGHEDE	LUISTER EN PRAAT (MONDELING)	LEES EN KYK	SKRYF EN AANBIED	TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
WEEK 7 – 8	<p>Neem aan 'n gesprek deel</p> <ul style="list-style-type: none"> Vra en beantwoord vrae Respekkeer ander leerders Luister na ander leerders en moedig hulle aan om te praat <p>Neem aan 'n bespreking deel</p> <ul style="list-style-type: none"> Gebruik verbeelding en beskryf moontlikhede Gebruik die voorwaardelike vorm Maak beurte Respekkeer ander se opinies Moedig ander aan om te praat <p>Oefen luister en praat / hardop lees (die gedeelte teks vir die dag)</p> <ul style="list-style-type: none"> Lees hardop met toepaslike uitspraak, vlotheid en uitdrukking Voer 'n gedig op Speel 'n taalspeletjie Gee en volg instruksies Bespreek 'n onderwerp 	<p>Lees mediategkste, byvoorbeeld 'n tydskrifartikel of 'n nuusberig</p> <p>Gebruik 'n teks van 'n handboek of uit die onderwyser se hulpbronnies</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: voorspel waaroor teks handel Gebruik vluglees en soeklees Beantwoord vrae Bespreek hoofgedagtes en besonderhede Bespreek uitleg en ontwerp van teks Vergelyk uitleg en ontwerp met dié van 'n koerant <p>Leesbegripsaktiwiteit oor die teks (mondeling of skriftelik)</p> <p>Lees en verstaan 'n grafiese mediategkste, byvoorbeeld plakkate en advertensies</p> <ul style="list-style-type: none"> Pre-lees: bespreek prente Interpreteer die inligting Bespreek die doel en taalgebruik van die teks Identifiseer en bespreek ontwerpselemente, soos kleur en verskillende lettertipes en -groottes Bespreek die uitleg Vergelyk verskillende tekste, byvoorbeeld plakkate en advertensies <p>Besin oor tekste wat selfstandig / in pare gelees is</p> <ul style="list-style-type: none"> Deel Spreek menings uit oor tekste 	<p>Skryf 'n eenvoudige nuusberig deur die gebruik van 'n raam</p> <ul style="list-style-type: none"> Sluit toepaslike inligting in Sluit 'n duidelike hoofgedagte in Ontwikkel inligting logies Gebruik verbindingswoorde en organiseer paragrawe behoorlik Gebruik die korrekte formaat Gebruik gepaste grammatika, woordeskat, spelling en punktuasie <p>Ontwerp 'n plakkaat</p> <ul style="list-style-type: none"> Sluit relevante inligting in Sluit 'n prent in Gebruik die korrekte formaat Gebruik ontwerpselemente, soos kleur en verskillende lettertipes en -groottes Bied 'n leesbare, finale weergawe aan <p>Gebruik die stappe van die skryfproses</p> <ul style="list-style-type: none"> Skryf die eerste konsep Hersien Proeflees Skryf die finale weergawe en bied dit aan 	<p>Werk met woorde</p> <ul style="list-style-type: none"> Bou op kennis van hoëfrekwensie-woorde Klankpatrone, oorronding, onttronding (hersiening) Oop en geslote lettergrepe (hersiening) Afleiding en samestelling (hersiening) Sinonieme, antonieme, homonieme, homofone (hersiening) Skryf woorde en hul betekenis in 'n persoonlike woordeboek neer Gebruik sinne, tekeninge of verduidelikings om betekenis van woorde te verduidelik <p>Werk met sinne</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordsoorte (hersiening) Lydende en bedrywende vorm (hersiening) Direkte en indirekte rede (hersiening) Idiome (hersiening) <p>Spelling en punktuasie</p> <ul style="list-style-type: none"> Spel bekende woorde korrek Skryftekens (hersiening) Leestekens (hersiening) <p>Woordeskat in konteks (uit gelese tekste)</p>
WEEK 9 – 10	FORMELE ASSESSERING			

AFDELING 4: ASSESSERING IN EERSTE ADDISIONELE TAAL

4.1 INLEIDING

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses om inligting oor leerderprestasie te identifiseer, te versamel en te vertolk. Verskeie vorme van assessering word in hierdie proses gebruik. Dit behels vier stappe: die generering en insameling van bewyse van prestasie; evaluering van die bewyse; rekordhouding van die bevindinge en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en te ondersteun. Sodoende word die onderrig en leerproses bevorder en ondersteun.

Assessering behoort informeel (assessering *vir* leer) sowel as formeel (assessering *van* leer) te wees. In albei gevalle moet gereelde terugvoering gegee word sodat dit die leerervaring kan bevorder.

Assessering in tale is deurlopend en ondersteun die groei en ontwikkeling van die leerders. Dit is 'n integrale deel van onderrig en leer omdat dit inligting gee vir onderrig en leer. Dit behoort deel gemaak te word van onderrig en leer en moet nie as 'n aparte entiteit beskou word nie. Geïntegreerde assessering van verskeie taalaspekte moet gebruik word. Ons kan byvoorbeeld begin met 'n leesstuk en 'n begripstoets daarvoor opstel. Vrae oor taalstrukture en konvensies kan ook daarvoor gevra word. Daarna kan die leerders gevra word om op die teks te reageer deur byvoorbeeld 'n brief te skryf oor 'n saak wat in die teks aangesny word of 'n ander kreatiewe respons op die inhoud van die teks te lewer. Om dié aktiwiteit af te rond kan besprekings oor die onderwerp gehou word en op hierdie wyse spreek ons al die taalvaardighede op 'n vloeiende, geïntegreerde manier aan.

Assessering van die verskillende taalvaardighede moet nie gesien word as aparte aktiwiteite nie, maar as een geïntegreerde aktiwiteit. Assesseringsmatrikse moet dus die verskillende taalvaardighede in die taak aanspreek.

Die leerders se luistervaardighede, mondelinge bevoegdheid, hul vermoë om vrae te beantwoord, deel te neem aan besprekings, en skriftelike vaardighede moet op 'n daaglikse basis waargeneem word.

Dit is ook belangrik dat die leerders se begrip van dit wat hulle lees geassesseer word en nie net hulle vermoë om woorde te herken of te dekodeer nie; daarom moet assessering van lees gereeld plaasvind en nie net 'n enkele keer nie. Formele leesassessering behoort op hardoplees te fokus, asook op aktiwiteite wat die leerder se begrip bepaal, byvoorbeeld deur die storie oor te vertel of vrae te beantwoord.

Assessering van skriftelike werk sal op leerders se vermoë fokus om betekenis oor te dra, asook hoe korrek hulle geskryf het, byvoorbeeld deur die korrekte gebruik van taalstrukture en -gebruik, spelling en punktuasie. Alle assessering berus op die feit dat die aanleer van 'n taal 'n proses is en dat leerders nie heeltemal korrekte werk die eerste keer sal lewer nie. Daarom moet die verskillende stadiums van die skryfproses ook geassesseer word.

Wanneer 'n formele assesseringstaak gegee word, word daar op 'n spesifieke vaardigheid gefokus, byvoorbeeld luister en praat, of lees en kyk, of skryf en aanbied. Aangesien die aanleer van 'n taal 'n geïntegreerde proses is, word meer as een vaardigheid gebruik. Die taalstrukture moet dus in konteks geassesseer word. Assessering moet nie slegs skriftelik plaasvind nie, maar daar moet ook voorsiening gemaak word vir praktiese en mondelinge werk. Dit is belangrik om te assesseer wat leerders verstaan en nie net wat hulle kan memoriseer nie. Vaardighede moet dus soveel as moontlik in konteks geassesseer word. Byvoorbeeld: Leerders kan dalk tydens 'n toets al hul woorde korrek spel, maar kan dieselfde woorde tydens skriftelike werk, soos 'n verslag van persoonlike nuus of die skryf van 'n storie, korrek gespel word?

Tydens die onderrig en assessering van tale behoort daar voorsiening gemaak te word vir die insluiting van alle leerders, en daar moet strategieë gevind word om alle leerders te help om toegang tot taalt tekste te hê en dit weer te gee. Leerders wat leerprobleme ervaar, mag dalk nie sommige van die doelwitte behaal soos wat dit in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring uiteengesit is nie.

Die Eerste Addisionele Taal-leerder se sukses hang af van gereelde informele assessering en terugvoering van die onderwyser soos hulle met tekste en aktiwiteite omgaan. Die onderrigplanne sit die vereiste inhoud, vaardighede en strategieë vir die jaar uiteen. Dit behoort teenoor groeiende vlakke van ontwikkeling te assesseer te word. Nie alles wat onderrig word hoef formeel getoets te word nie. Dit is egter noodsaaklik dat die leerder se vordering geassesseer word deur formele sowel as informele assessering omdat dit beplanning onderlê.

Die onderrigprogram maak voorsiening vir assessering van leer wat aan die einde van die kwartaal die vorm van 'n toets of eksamen kan aanneem. Die werk wat geëksamineer word moet gedoen word op werk wat gedurende die kwartaal gedoen is. Die moeilikheidsgraad van die assesseringsitems moet op verskillende kognitiewe vlakke gestel word om geldigheid te verseker.

4.2 INFORMELE OF DAAGLIKSE ASSESSERING

Die doel van assessering is om deur aaneenlopende insameling van inligting oor leerders se prestasie, leer te bevorder.

Informele assessering behels die daaglikse monitering van leerders se vordering. Dit word gedoen deur waarnemings, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyser-konferensies, informele klaskamerinteraksie, ensovoorts. Informele assessering word gebruik om terugvoering aan leerders te gee en om vir verdere onderrig te beplan, maar dit hoef nie opgeteken te word nie. Assessering van taalbevoegdheid sal in die vorm van waarneming, skriftelike oefeninge, mondelinge aktiwiteite, hardoplees en ander assesseringsvorme wees. Informele assessering word gebruik om terugvoering aan leerders te gee, en die beplanning vir onderrig te hanteer, maar nie vir rekordhouding en rapporteringsdoeleindes nie. Dit moet nie apart van die leeraktiwiteite wat in die klas plaasvind, beskou word nie en enige van die leeraktiwiteite kan gebruik word om die leerders se vordering informeel te assesseer. In sommige gevalle kan spesifieke assesseringsaktiwiteite gestel word om die leerders aan te moedig om te leer, byvoorbeeld gereelde speltoetse. Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake nasien.

Dit word aanbeveel dat die eerste twee weke van 'n kwartaal gebruik word om grondlynassessering te doen. Onderwysers kan die aktiwiteite van die eerste twee weke van die onderrigplan hiervoor gebruik. Dit sal onderwysers in staat stel om te bepaal watter tipe ondersteuning leerders nodig het soos die werk vorder.

Selfassessering en portuurassessering betrek leerders direk by assessering. Dit is belangrik omdat dit leerders toelaat om van hul eie prestasie te leer en daaroor te besin. Die uitslae van informele, daaglikse assessering word nie formeel opgeteken nie, behalwe as die onderwyser dit graag wil doen. Onderwysers mag besluit om hul eie informele verslae van individuele leerders se vordering in die verskillende komponente van die vak te hou, om te gebruik vir verdere beplanning en om te verseker dat individuele leerders die vereiste vaardighede en begrip ontwikkel. Die uitslag van die daaglikse assesseringstake word nie in ag geneem vir bevordering en sertifisering nie.

4.3 FORMELE ASSESSERING

Alle assesseringstake wat deel vorm van die formele assesseringsprogram vir die jaar word beskou as formele assessering. Formele assesseringstake word nagesien en *formeel opgeteken* deur die onderwyser vir progressie en sertifisering. Alle formele assesseringstake word gemodereer ter wille van gehalteversekering en om te verseker dat gepaste standaarde gehandhaaf word.

Formele assessering voorsien aan onderwysers 'n sistematiese manier om te evalueer hoe goed leerders in 'n graad en in 'n betrokke vak vorder. Voorbeelde van formele assesseringstake sluit in toetse, eksamens, praktiese take, projekte, mondelinge aanbiedings, demonstrasies (soos die hervertelling van 'n storie), optredes (soos rolspel), opstelle, deelname aan mondelinge take (soos dialoë, gesprekke, besprekings), skriftelike take (soos die invul van 'n werkkaart, skryf van paragrawe of ander tekstipes), ens.

Die doel van 'n assesseringsprogram is om geldigheid, betroubaarheid, regverdigheid en genoegsaamheid te verseker deur spesifieke riglyne te gee oor die tipe aktiwiteite en die persentasie wat aan elke taalvaardigheid binne 'n taak toegeken is. Dit spreek ook die fokusse van assessering aan; die manier waarop take benader moet word.

Tydens formele assessering word memoranda, rubrieke, kontrolelyste, metingskale, sowel as ander gepaste assesseringsinstrumente gebruik om leerders se vlakke van begrip en vaardigheid waar te neem, te assesseer en aan te teken. Maak van 'n assesseringsinstrument gebruik wat gepas is vir die tipe aktiwiteit. 'n Rubriek is, byvoorbeeld, meer gepas as 'n memorandum vir die assessering van 'n kreatiewe skryfstuk. 'n Memorandum is meer gepas vir 'n speltoets of 'n leesbegripsaktiwiteit.

4.3.1 Vereistes vir formele assessering vir Eerste Addisionele Taal

Die formele assesseringsprogram vir graad 4-6 bestaan uit sewe (7) take wat 75% van die bevorderingspunt uitmaak sowel as 'n jaareindeksamen wat 25% van die totaal tel.

Die formele assesseringsvereistes vir die Eerste Addisionele Taal is soos volg:

- Twee formele assesseringstake moet gedurende die eerste drie kwartale voltooi word en een in die vierde kwartaal. Die totaal is dus sewe vir die skooljaar. Hierdie sewe formele assesseringstake vorm 75% van die totale punt vir Eerste Addisionele Taal in grade 4, 5 en 6. Die formele assesseringspunt sluit die halfjaartoets of eksamen in, indien daar 'n eksamen geskryf word.
- Die eerste formele assesseringstaak in 'n kwartaal moet in die middel van die kwartaal gedoen word. Die tweede formele assesseringstaak van elke kwartaal moet aan die einde van die kwartaal gedoen word.
- Aan die einde van die jaar word 'n eksamen afgelê en dit vorm 25% van die punte.
- Elke formele assesseringstaak sal uit aktiwiteite bestaan wat luister en praat, lees en kyk, skryf en aanbied, en taalstrukture en -konvensies sal assesseer, en dit moet oor 'n tydperk van 'n paar dae plaasvind. Taalstrukture en -konvensies moet in konteks geassesseer word.
- Formele assesseringstake moet 'n reeks aspekte van taalvaardighede assesseer, sodat kernaspekte gedurende die kwartale en versprei oor die jaar, geassesseer kan word. Onderwysers moet seker maak dat hierdie aspekte reeds informeel geassesseer is, sodat terugvoering aan leerders gegee kan word voordat hulle formeel geassesseer word.
- Alle assessering in die Intermediêre Fase word intern gedoen.

4.3.2 Tipes formele assessering vir Eerste Addisionele Taal

Die vorme van assessering moet gepas vir die ouderdom en ontwikkelingsvlak van die leerders wees. Die samestelling van die take moet die inhoud van die vak dek en 'n verskeidenheid take insluit, wat ontwerp is om die doelwit van die vak te bereik. Gebruik die onderrigplanne vir elke graad om die tipe aktiwiteit en die vaardighede vir elke deel van die formele assesseringstaak te kies. Byvoorbeeld: Indien kreatiewe, skriftelike werk in graad 4, kwartaal 1 vereis word en die leerders moet 'n gedig skryf, kan daar net van hulle verwag word om sinne wat rym en dieselfde lengte het, te skryf, en indien dit reeds onderrig is. 'n Gepaste raamwerk sal gebruik word indien leerders 'n inligtingstekst in die eerste kwartaal moet skryf. Dieselfde geld vir luister en praat. Daar sal nie van leerders verwag word om 'n kort toespraak in graad 4, kwartaal 1 te lewer nie, omdat dit eers later onderrig word.

Formele assessering moet voorsiening maak vir 'n verskeidenheid van kognitiewe vlakke soos hieronder aangedui. 'n Verskeidenheid van vraagtipes soos meerkeusevrae, cloze, vergelyking en direkte vrae behoort gebruik te word.

Tabel van kognitiewe vlakke van vrae

Kognitiewe vlakke	Aktiwiteit	Persentasie per taak
Letterlik (Vlak 1)	Vrae wat handel oor inligting wat direk / eksplisiet in die teks staan. <ul style="list-style-type: none"> • Noem die dinge / mense / plekke / elemente ... • Noem die feite / redes / aspekte / idees ... • Identifiseer die redes / persone / oorsake ... • Maak 'n lys van die aspekte / feite / name / redes ... • Beskryf die plek / persoon / karakter ... • Vertel van die insident / episode / ervaring ... 	Vlakke 1 en 2: 40%
Herorganisasie (Vlak 2)	Vrae wat analise, sintese of herorganisasie vereis van inligting wat direk / eksplisiet in die teks staan. <ul style="list-style-type: none"> • Maak 'n opsomming van die kerngedagtes / voordele / nadele ... • Groepeer bekende elemente / faktore ... • Gee die verskille / ooreenkomste ... • Gee 'n oorsig van ... 	
Afleiding (Vlak 3)	Vrae wat vereis dat leerders inligting interpreteer wat nie eksplisiet genoem word nie, dit in verband bring met inligting van die verskillende dele van 'n teks, of dat leerders aspekte in die teks in verband bring met hulle bestaande kennis of ervarings, en gevolgtrekkings maak. <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik hoe 'n hoofgedagte verband hou met tema / boodskap ... • Verduidelik die idees / houdings / aksies ... • Wat is die skrywer (of karakter) se bedoeling / houding / motivering / rede ... • Verduidelik die oorsaak / gevolg van ... • Wat openbaar 'n handeling / kommentaar / houding (ens.) van 'n verteller / skrywer / karakter ... • Hoe beïnvloed die metafoor / vergelyking / beeld jou begrip van ... • Wat, dink jy, sal die uiteindelige gevolg / effek van 'n handeling / situasie wees ... 	Vlak 3: 40%

Kognitiewe vlakke	Aktiwiteit	Persentasie per taak
<p>Evaluering (Vlak 4)</p> <p>Waardering (Vlak 5)</p>	<p>Hierdie vrae handel oor die beoordeling van waardes, houdings en oortuigings. Dit sluit in beoordeling van die werklikheid, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika en beredenering, asook kwessies soos die gewenstheid en aanvaarbaarheid van besluite en optredes in terme van morele waardes.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dink jy wat hieruit voortvloei, geloofwaardig / realisties / moontlik is? • Is die skrywer se argument geldig / logies / oortuigend ... • Bespreek / lewer kritiese kommentaar oor die optrede / bedoeling / houding / implikasie ... • Stem jy saam met die siening / standpunt / waarneming / vertolking ... • Dink jy die skrywer / verteller / karakter is geregverdig as hy / sy voorstel dat ... (Motiveer jou antwoord. / Gee redes vir jou antwoord.) • Is die karakter se houding / gedrag / handeling na jou mening regverdigbaar of aanvaarbaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. • Wat sê 'n karakter se optredes / houding(s) oor hom / haar binne konteks van universele waardes? • Bespreek krities / Lewer kommentaar oor die waardeoordele wat in die teks gemaak word. <p>Die doel van hierdie vrae is om die sielkundige en estetiese impak van die teks op die leerder te assesseer. Die vrae fokus op die leerder se emosionele response op die inhoud, identifisering met karakters of gebeure, en reaksies op die skrywer se taalgebruik (soos woordkeuse en beelde).</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bespreek jou reaksie op die teks / insident / situasie / konflik / dilemma ... • Simpatiseer jy met die karakter? Wat sou jy doen / besluit indien jy in dieselfde situasie was? • Bespreek / Lewer kommentaar op die skrywer se taalgebruik ... • Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer se styl / inleiding / gevolgtrekking / beeldspraak / gebruik van poëtiese tegnieke / literêre stylfigure ... 	<p>Vlak 4 en 5: 20%</p>

4.4 ASSESSERINGSPROGRAM

Die assesseringsprogram is ontwikkel om formele assesseringstake in alle vakke in 'n skool oor 'n kwartaal te versprei. 'n Assesseringsprogram moet deur die skool opgestel word waarin die datums aangedui word waarop take gedoen word.

Vakvereistes

Vereistes vir die opstel van 'n taak word in persentasies weergegee. Waar die program 20% vir 'n taalvaardigheid aandui, beteken dit dat die finale puntetoekenning vir daardie taalvaardigheid twintig *persent* moet wees en nie twintig punte nie. Skole word nie beperk tot 'n aantal punte wat aan 'n taalvaardigheid toegeken moet word nie, solank die gewigskriteria vir elke taalvaardigheid en vir elke taak in aanmerking geneem word volgens die persentasie wat in die assesseringsprogram toegewys is. Byvoorbeeld: 'n Taalkennistoets vir 20 punte of meer mag byvoorbeeld in Graad 4 opgestel word, solank die finale gewig nie die gewig wat in die assesseringsprogram aangedui word, oorskry nie.

In skryf behoort gedeeltes van die beplanningsproses, of die hele proses, ten minste een keer per kwartaal geassesseer te word. Daar moet streng by die lengte van die geskrewe teks, soos aangedui in Afdeling 3.3, gehou word.

Eksamens

Inhoud vir die eksamen behoort geneem te word uit werk wat gedoen is voor die eksamen en behoort 'n versameling van vaardighede en aktiwiteite in te sluit wat sal wys dat die leerder in staat sal wees dat hy/.sy gereed is vir die werk in die volgende periode, graad of jaar.

Die eksamen sal uit die volgende bestaan:

- Leesbegrip, insluitende woordeskatwerk
- Skryf van 'n kort kreatiewe teks, insluitende gepaste en korrekte formaat, taalkonvensies, punktiasie en spelling
- Skryf van 'n kort transaksionele (inligtings-, media-, sosiale) teks, insluitende gepaste en korrekte gebruik van formaat, taalkonvensies, punktuasie en spelling.
- Taalgebruik en konvensies om kennis en begrip van taalstrukture, punktuasie en spelling te toets.
- Luister- en Praatvaardighede sal nie as deel van die eksamen geassesseer word nie omdat dit ten beste oor tyd geassesseer word. Dit word egter verwag dat 'n summatiewe punt vir Luister en Praat opgeteken moet word as 'n eksamenpunt.

Die volgende tabel dui die formele vereistes vir die Eerste Addisionele Taal aan.

Die Asseseringsprogram

KWARTAAL 1					
Graad 4		Graad 5		Graad 6	
Taak 1	%	Taak 1	%	Taak 1	%
Luister na en bespreek 'n storie / Luister na en gee 'n persoonlike of feitelike hervertelling	20	Luister na en bespreek 'n storie / Luister na en gee 'n feitelike hervertelling / neem deel in 'n gesprek of rolspel	15	Luister na en bespreek 'n storie / feitelike hervertelling / neem deel in 'n gesprek van rolspel	15
Lees 'n voorbereide teks hardop	10	Lees 'n voorbereide teks hardop	10	Lees 'n voorbereide teks hardop	10
Taalstrukture en -konvensies in konteks	15	Taalstrukture en -konvensies in konteks	15	Taalstrukture en -konvensies in konteks	15
Leesbegrip van 'n storie / feitelike hervertelling / nuusverslag	20	Leesbegrip van 'n storie / inligtingsteks /	20	Leesbegrip van 'n storie / feitelike hervertelling / sosiale teks	20
Praat oor stories / tekste wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor stories / tekste wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor stories / tekste wat onafhanklik gelees is	10
Skryf 'n paragraaf: persoonlike hervertelling deur 'n raam te gebruik / beskrywing van mense deur 'n raam te gebruik	25	Skryf 'n paragraaf: 'n feitelike hervertelling / beskrywing van mense / boodskappe	30	Skryf drie paragrawe wat op die tema van 'n storie gebaseer is	30
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100
Taak 2	%	Taak 2	%	Taak 2	%
Luister na en gee instruksies / dra 'n gedig of liedjie met begrip voor	20	Luister na en gee instruksies / beskryf 'n proses / dra 'n gedig of liedjie met begrip voor	20	Luister na en gee instruksies / beskryf 'n proses / dra 'n gedig of liedjie met begrip voor	20
Leesbegrip van 'n prosedureteks / gedig / liedjie	30	Leesbegrip van 'n prosedureteks / gedig / liedjie	30	Leesbegrip van 'n inligtingsteks / gedig / liedjie	30
Taalstrukture en -konvensies in konteks	20	Taalstrukture en -konvensies in konteks	20	Taalstrukture en -konvensies in konteks	20
Skryf eenvoudige instruksies deur 'n raam te gebruik / 'n eenvoudige gedig deur 'n raam te gebruik	30	Skryf instruksies / 'n feitelike hervertelling / 'n eenvoudige gedig deur 'n raam te gebruik	30	Skryf 'n van 'n eenvoudige proses / eenvoudige definitions deur 'n raam te gebruik / beskrywing van 'n persoon / voorwerp / ens	30
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100

KWARTAAL 2					
Graad 4		Graad 5		Graad 6	
Taak 1	%	Taak 1	%	Taak 1	%
Luister na en bespreek inligtingstekes of storie / Luister na en voer instruksies uit / beskryf 'n voorwerp /	20	Luister na en bespreek inligtingstekes / storie insluitende hervertelling van 'n storie	15	Luister na en bespreek mondelinge beskrywings van voorwerpe / diere / ens. / luister na persoonlike hervertellings / neem deel in 'n rolspel	15
Lees 'n onvoorbereide teks hardop	10	Lees 'n onvoorbereide teks hardop	10	Lees 'n onvoorbereide teks hardop	10
Taalstrukture en -konvensies in konteks	15	Taalstrukture en -konvensies in konteks	15	Taalstrukture en -konvensies in konteks	15
Leesbegrip van 'n inligtingstekes / storie	20	Leesbegrip van 'n inligtingstekes / storie	20	Leesbegrip van 'n inligtingstekes / storie / sosiale tekste	20
Praat oor stories / tekste wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor stories / tekste wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor stories / tekste wat onafhanklik gelees is	10
Som 'n inligtingstekes op / skryf 'n storie deur 'n raam te gebruik	25	Skryf 'n beskrywing van objekte / plante / ens deur 'n raam te gebruik / skryf 'n storie deur 'n raam te gebruik	30	Skryf 'n beskrywing van objekte / plante / ens / Skryf 'n persoonlike brief	30
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100

Taak 2 (Junie toets / eksamen)	%	Taak 2 (Junie toets / eksamen)	%	Taak 2 (Junie toets / eksamen)	%
Vraestel 1: Mondeling Hardoplees, Luister en Praat	30	Vraestel 1: Mondeling Hardoplees, Luister en Praat	30	Vraestel 1: Mondeling Hardoplees, Luister en Praat	30
Vraestel 2 (2 ure): Skriftelik Leesbegrip	30	Vraestel 2 (2 ure): Skriftelik Leesbegrip	30	Vraestel 2 (1 uur): Skriftelik Skryf- paragrawe	30
Taalkonvensies in konteks	15	Taalkonvensies in konteks	15		
Skryf- paragrawe	25	Skryf- paragrawe	25		
				Vraestel 3 (1 uur): Skriftelik Leesbegrip	25
				Taalkonvensies in konteks	15
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100

Nota: Die punt vir Vraestel 1 sal 'n summatiewe punt wees van die assessering van die leerder se vordering in die tweede helfte van die jaar, tot op die tyd van die eksamen.

KWARTAAL 3					
Taak 1	%	Taak 1	%	Taak 1	%
Luister na en bespreek inligtingstekes of storie / neem deel in 'n gesprek / dra 'n gedig voor	20	Lewer kort praatjie / hervertel 'n storie	15	Lewer kort praatjie / hervertel 'n storie	15
Lees 'n voorbereide teks hardop	10	Lees 'n voorbereide teks hardop	10	Lees 'n voorbereide teks hardop	10
Taalstrukture en -konvensies in konteks	15	Taalstrukture en -konvensies in konteks	15	Taalstrukture en -konvensies in konteks	15
Leesbegrip van inligtingstekes / 'n visuele teks / storie / gedig	20	Leesbegrip van inligtingstekes met visuele tekse / storie / gedig	20	Leesbegrip van inligtingstekes with visuele tekse / storie / gedig	20
Praat oor 'n teks wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor 'n teks wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor 'n teks wat onafhanklik gelees is	10
Skryf 'n opsomming van 'n inligtingstekes met ondersteuning / 'n storie deur 'n raam te gebruik	25	Voltooi visuele teks / skep 'n kopkaart / opsomming / skryf 'n eenvoudige storie met dialoog	30	Voltooi visuele teks / skryf 'n eenvoudige storie	30
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100
Taak 2	%	Taak 2	%	Taak 2	%
Listens to inligtingstekes / luister na en beskryf plekke of plante ens. / Rolspel 'n bekende situasie	20	Neem deel in 'n gesprek / 'n rolspel	20	Luister na en voer instruksies uit / neem deel in 'n gesprek / rolspel	20
Leesbegrip van 'n inligtingstekes met 'n visuele teks / proseduretekse / rolspel	30	Leesbegrip van proseduretekse / inligtingstekes / 'n rolspel	30	Leesbegrip van proseduretekse / inligtingstekes / rolspel	30
Taalstrukture en -konvensies in konteks	20	Taalstrukture en -konvensies in konteks	20	Taalstrukture en -konvensies in konteks	20
Skryf 'n inligtingstekes / 'n dialoog / 'n resensie deur 'n raam te gebruik	30	Skryf inligtingstekes / kort dialoog deur 'n raam te gebruik	30	Skryf 'n inligtingstekes / 'n kort drama	30
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100

KWARTAAL 4					
Taak 1	%	Taak 1	%	Taak 1	%
Luister na onderhoude en boodskappe / begrip van 'n storie	20	Neem deel in besprekings / vertel 'n storie	15	Neem deel in besprekings / luister na 'n storie	15
Lees 'n onvoorbereide teks hardop	10	Lees 'n onvoorbereide teks hardop	10	Lees 'n onvoorbereide teks hardop	10
Taalstrukture en -konvensies	15	Taalstrukture en -konvensies	15	Taalstrukture en -konvensies	15
Leesbegrip van inligtingstekes with visuele teks / 'n storie met dialoog / 'n dagboek	20	Leesbegrip van mediateks / plakkaat / storie	20	Leesbegrip van inligtingstekes / 'n storie / gedig	20
Praat oor 'n teks wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor 'n teks wat onafhanklik gelees is	10	Praat oor 'n teks wat onafhanklik gelees is	10
Skryf 'n paragraaf deur 'n raam te gebruik / sosiale teks / produseer 'n visuele teks bv 'n plakkaat / storie met dialogue	25	Skryf inligtingstekes deur 'n raam te gebruik / persoonlike hervertelling / skeep 'n plakkaat / skryf 'n resensie deur 'n raam te gebruik	30	Skryf inligtingstekes / definisies met voorbeelde / persoonlike brief	30
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100
Taak 2 (Jaareindeksamen)					
Taak 2 (Jaareindeksamen)	%	Taak 2 (Jaareindeksamen)	%	Taak 2 (Jaareindeksamen)	%
Vraestel 1: Mondeling: Hardoplees, luister en praat	30	Vraestel 1: Mondeling: Hardoplees, luister en praat	30	Vraestel 1: Mondeling: Hardoplees, luister en praat	30
Vraestel 2 (2 ure): Skriftelik Leesbegrip	30	Vraestel 2 (2 ure): Skriftelik Leesbegrip	30	Vraestel 2 (1 uur): Skriftelik Skryf– Kreatiewe teks en	30
Taalkonvensies in konteks	15	Taalkonvensies in konteks	15	transaksionele teks	
Skryf– kreatiewe teks en transaksionele teks	25	Skryf– kreatiewe teks en transaksionele teks	25		
				Vraestel 3 (1 uur): Skriftelik Leesbegrip	25
				Taalkonvensies in konteks	15
Totaal	100	Totaal	100	Totaal	100

Nota: Die punt vir Vraestel 1 sal 'n summatiwepunt wees van die assessering van die leerder se vordering in die tweede helfte van die jaar, tot op die tyd van die eksamen.

Skoolgebaseerde Assessering en eksamens in Graad 4 en 5

Programme of Assessment				
SBA per Term				
SBA 75%	Kwartaal 1: 2 Take	Kwartaal 2: 1 Taak + 1 Halfjaar eksamen 2 Vraestelle: Vraestel 1: Mondeling; Hardoplees, Luister en Praat Vraestel 2 (2 ure): Skriftelik: Leesbegrip , Taal in konteks en Skryf - kreatiewe tekste en transaksionele tekste)	Kwartaal 3: 2 Take	Kwartaal 4: 1 Taak
EXAMINATIONS 25%				
Assesseringsprogram				

Graad 6				
SBA per Term				
SBA 75%	Kwartaal 1: 2 Take	Kwartaal 2: 1 Taak + 1 Halfjaar-eksamen- bestaande uit comprising: Vraestel 1: Mondeling: Hardoplees, Luister en Praat Vraestel 2 (1 uur): Skriftelik: Skryf – kreatiewe tekste en transaksionele tekste Vraestel 3 (1 uur): Skriftelik: Leesbegrip and Taal in konteks	Kwartaal 3: 2 Take	Kwartaal 4: 1 Taak
	EXAMINATIONS 25%			

Formaat van eksamenvraestelle vir Graad 4 – 6**Graad 4-5**

Die voorgestelde riglyne vir die halfjaar en jaareindeksamenvraestelle for die Eerste Addisionele Taal in graad 4 en 5 is soos volg:

Vraestel	Beskrywing	:%: GR.4 & 5
1	Mondeling: Mondeling: Hardoplees, Luister en Praat	30
2 (2 ure)	Skriftelik: Leesbegrip , Taal in konteks Skryf – kreatiewe tekste en transaksionele tekste	30 15 25
TOTAAL VIR DIE EKSAMEN		100

Die voorgestelde riglyne vir die halfjaar en jaareindeksamenvraestelle for die Eerste Addisionele Taal in graad 6 is soos volg:

Vraestel	Beskrywing	:%: GR.6
1	Mondeling: Hardoplees, Luister en Praat	30
2 (1 uur)	Skriftelik: kreatiewe tekste en transaksionele tekste	30
3 (1 uur)	Leesbegrip Taal in konteks	25 15
TOTAAL VIR DIE EKSAMEN		100

Voorgestelde formaat vir elk van die vraestelle in graad 4 en 5

VRAESTEL	AFDELING	%	
		GR 4	GR 5
1	Mondeling: lees/ luister/ praat	GR 4	GR 5
	A : Hardoplees	15	15
	B: Luister en Praat: Voorbereide Praat / onvoorbereide Praat / gesprekvoering / onderhoud / debat / dramatisering / rolspel / besprekings / luisterbegrip / mimiek	15	15
TOTAAL VIR VRAESTEL 1		30	30
2 (2 ure)	Leesbegrip en taal in konteks	GR4	GR5
	A : Leesbegrip (’n Reeks tekste kan gebruik word, insluitende visuele en grafiese tekste)	30	30
	B : Taal Taalstrukture (woorde en sinne) behoort in konteks geassesseer te word aan die hand van ’n verskeidenheid tekste	15	15
	Skryf	GR4	GR5
	A : Een kreatiewe skryftekst Grade 4-5: verhalend / beskrywende teks insluitende persoonlike vertellings (Let asseblief op die voorgestelde aantal woorde per graad soos onder 3.3.2 gespesifiseer.)	15	15
	B: Een transaksionele teks Formele en informele briewe aan die pers / formele aansoekbriewe // versoeke / klagtes / simpatie / uitnodiging / dankie sê / gelukwensings en besigheidsbriewe / vriendskaplike briewe / tydskrifartikels / koerantartikels / memoranda / notules & agendas / doodsberigte / verslae (formeel en informeel) / resensies / geskrewe en informele toesprake / Curriculum Vitae’s / brosjures / geskrewe onderhoude / dialoë/ feitlike verslae/proseduretekste	10	10
	TOTAAL VIR VRAESTEL 2	70	70
	GROOTTOTAAL	100	100

Voorgestelde formaat vir elk van die vraestelle in graad 6

VRAESTEL	AFDELING	%
1	Oral: reading/ listening/ speaking	
	A : Hardoplees	15
	B: Listening & Speaking: Luister en Praat: Voorbereide Praat / onvoorbereide Praat / gesprekvoering / onderhoud / debat / dramatisering / rolspel / besprekings / luisterbegrip / mimiek / huldeblyk	15
	TOTAAL VIR VRAESTEL 1	30
2 (1 uur)	Leesbegrip en taal in konteks	
	A : Leesbegrip (’n Reeks tekste kan gebruik word, insluitende visuele en grafiese tekste)	25
	B : Taal Taalstrukture (woorde en sinne) behoort in konteks geassesseer te word aan die hand van ’n verskeidenheid tekste	15
	TOTAL FOR PAPER 2	40
3 (1 uur)	Skryf	
	A : Een kreatiewe teks Grade 6: verhalend / beskrywende teks insluitende persoonlike vertellings (Let asseblief op die voorgestelde aantal woorde per graad soos onder 3.3.2 gespesifiseer.)	15
	B: Een transaksionele teks Formele en informele briewe aan die pers / formele aansoekbriewe // versoeke / klagtes / simpatie / uitnodiging / dankie sê / gelukwensings en besigheidsbriewe / vriendskaplike briewe / tydskrifartikels / koerantartikels en rubrieke / memoranda / notules & agendas / doodsberigte / verslae (formeel en informeel) / resensies / geskrewe en informele toesprake / Curriculum Vitae’s / brosjures / geskrewe onderhoude / dialoë/feitelike verslae/proseduretekste (Let asseblief op die voorgestelde aantal woorde per graad soos onder 3.3.2 gespesifiseer.)	15
	TOTAL FOR PAPER 3	30
	OVERALL TOTAL	100

4.5 OPTEKENING EN RAPPORTERING

Verslaghouding is ’n proses waartydens die onderwyser die vlak van ’n leerder se prestasie in ’n spesifieke assesseringstaak opteken. Dit dui die leerder se vordering in die bemeestering van die kennis, inhoud en vaardighede aan soos voorgeskryf in die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings*. ’n Verslag van ’n leerder se prestasie is ’n bewys van die leerder se konseptuele vordering in ’n graad en ’n aanduiding of hy / sy gereed is om na die volgende graad te vorder of bevorder te word. Verslae van leerderprestasie behoort ook gebruik te word om vordering wat onderwysers en leerders in die onderrig- en leerproses gemaak het, te bevestig.

Rapportering is ’n proses waarvolgens leerderprestasie aan leerders, ouers, skole en ander rolspelers gekommunikeer word. Daar kan op verskeie maniere oor leerderprestasie verslag gelewer word. Dit sluit in rapporte (verslagkaarte), ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyser-konferensies, telefoonoproepe, briewe,

klas- of skoolnuusbriewe ensovoorts. Onderwysers in alle grade lewer in persentasies verslag oor die vak. Sewe bevoegdheidsvlakke vir elke vak in Graad R – 12 word gebruik. Die verskillende vlakke met die ooreenstemmende persentasies word in onderstaande tabel aangedui.

Kodes en persentasies vir optekening en rapportering

Prestasiekode	Beskrywing van vaardigheid	Persentasie
7	Uitmuntende prestasie	80 – 100
6	Verdienselike prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Voldoende prestasie	50 – 59
3	Matige prestasie	40 – 49
2	Basiese prestasie	30 – 39
1	Ontoereikende prestasie	0 – 29

Nota: Die sewe-puntskaal moet 'n duidelik, gedetailleerde beskrywing van elke vlak gee. Onderwysers sal die werklike punte teenoor die taak aanteken deur van 'n optekeningblad gebruik te maak, en verslag doen deur persentasies vir die vakke op die leerders se rapporte of verslagkaarte aan te bring.

4.6 MODERERING VAN ASSESSERING

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering behoort op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlakke plaas te vind. Omvattende en gepaste modereringspraktyke moet ingestel word vir die gehalteversekering van alle vakassesserings. Dit moet minstens een keer per kwartaal te geskied.

Moderering moet verseker dat alle assessering geldig, regverdig, betroubaar en genoegsaam is. Geldigheid beteken dat die taak die vorderingsvlak moet meet van die vaardighede wat onderrig is, in lyn met die KABV dokument. Die taak moet die vordering in spesifieke vaardighede meet. In die opstel van begriptoetsvrae byvoorbeeld, moet die leerders se vermoë om te ontleed en sinteses te maak in 'n gegewe teks geassesseer word, en nie vrae te vra oor algemene kennis wat met die teks verband hou nie.

Moderering op skoolvlak moet gehalte kommentaar verseker om die assesseringsproses op skool te bevorder. Moderering kan nie slegs gedoen word om te verseker dat die korrekte aantal assesseringstake gedoen is, of dat 'n memorandum korrek gebruik is nie. In Tale beteken dit dat die moderator konstruktiewe kommentaar moet lewer, onder andere, oor die vlakke van vraagstelling vir leesbegrip, die gereeldheid van uitgebreide skryf, die kwaliteit van die assesseringsinstrumente, die ontwikkelingsgeleenthede wat gebied word, die onderwyser se betrokkenheid by leerders se werkboeke en bewyse van leerders se prestasie.

Die modereringsproses moet verseker dat meting eenvormig in al die klasse in die graad, en in al die grade in die fase, toegepas word. Byvoorbeeld: Indien 'n meting van 3 deur een onderwyser toegeken word, moet 'n ander onderwyser ook 3 vir dieselfde vaardigheid en kennis toeken. Dit is dus belangrik dat ons betroubare meetinstrumente moet gebruik en dat vakhoofde ook gereelde interne moderering moet doen.

4.7 ALGEMEEN

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende gelees word:

4.7.1 die *National policy pertaining to the programme and promotion requirements of the National Curriculum Statement, Grades R – 12*; en

4.7.2 die beleidsdokument, *National Protocol for Assessment Grades R – 12*.

WOORDELYS

addisionele taal (verwys ook na *huistaal*) – 'n taal wat bykomend tot die huistaal geleer word

afgeleide betekenis – die skep van betekenis uit wat geïmpliseer word om 'n nuwe begrip te vorm; dit wat tussen die reëls staan

aflei – 'n oordeel vorm uit wat vooraf gegee is of gebeur het; om die implikasies van wat gesê of geskryf is te bepaal

afleiding – 'n woord wat bestaan uit 'n basisvorm (stam) en voor- en / of agtervoegsels (hierdie proses vorm dikwels 'n ander woordsoort), bv. *ritus*: *rituele* gebruikte

akronieme (ook *letterwoorde*) – afkortings wat soos woorde optree; word uitgespreek as 'n woord, gevorm deur die eerste letters van ander woorde, bv. *Soweto* vir *South Western Townships* of *VIGS* / *vigs* vir *verworwe immuniteitsgebreksindroom*

aktiewe luister – wanneer 'n mens aandagtig luister na wat iemand sê en probeer om jousef in die spreker se posisie te plaas

alliterasie – herhaling van dieselfde beginletters (medeklinkers / konsonante) in beklemtoonde lettergrepe; 'n algemene stylmiddel, bv. *kind nog kraai*

anekdote – 'n kort, onderhoudende storie; klein voorvalle of gebeure wat vir 'n spesifieke doel vertel word, bv. inligting, vermaak, humor, venyn, of om karakter te openbaar

animasie – aanmeekarlas van stil prente of tekeninge om die illusie van lewe of beweging te skep

antiklimaks – die omgekeerde van klimaks; onverwagte teleurstellende uiteinde, afloop; ommeswaai van iets belangriks na iets nietigs, gewoonlik met 'n komiese effek

antitese – teenstelling van gedagtes wat uitgedruk word deur parallelisme wat skerp teenoor mekaar staan, bv. *hoe meer haas hoe minder spoed*

antoniem – woorde wat min of meer die teenoorgestelde betekenis van ander woorde uitdruk, bv. *kurkdroog* en *sopnat*

assessering – 'n deurlopende beplande proses van inligtingversameling op verskillende maniere oor leerderprestasie

assonansie – herhaling van klinkers of vokale in beklemtoonde lettergrepe in twee of meer woorde, bv. *Oor die groen poel wat stil en dik / was van die bronslaai en die warm slik* (N.P. van Wyk Louw, *Raka*)

beeld – 'n prent of visuele voorstelling

beelding – ook figuurlike taal; woorde wat beelde (in konteks / sinsverband) in die gedagtes oproep; sluit implikasieverskynsels in

beeldspraak – taaluiting wat van figuurlike, oordragtelike taal gebruik maak, bv. vergelykings, metafore, personifikasie, metonimia (oornoeming), sinekdogee (gedeeltelike aanduiding), antonomasia (naamsverwisseling)

beklemtoning – die klem lê op, aksentueer, benadruk

beurnemingskonvensies – die gebruike wat die vloei van gesprekke tussen mense reguleer soos om ander toe te laat om 'n opinie te lug, stiltes te hanteer, inligting te herhaal vir duidelikheid, aan te moedig waar gepas, te vra vir duidelikheid, inligting te verskaf, tussenbeide te tree om fokus te herstel

cliché – afgesaagde, verslete beeldspraak; holruggeryde uitdrukking of idee wat so dikwels gebruik word dat dit uitdrukingskrag verloor, bv. *laaste, maar nie die minste nie*

debat – debattering deur *twee* spanne oor 'n saak. Hulle probeer om die beoordelaar en die gehoor van hul standpunt te oortuig

denotasie (teenoorgestelde van *konnotasie*) – dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

deurlopende assessering – dit is assesseringsaktiwiteite wat deur die loop van die jaar plaasvind

dialek – 'n variëteit van 'n taal wat deur 'n sekere taalgemeenskap gepraat word

diskriminerende taalgebruik – taal wat kwessies met onderskeid behandel, bv. om manlike terme vir alle persone te gebruik

dramatiese doelstelling – om 'n spesifieke reaksie by die toeskouer / leser te ontlok

dramatiese ironie – 'n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontloft) spanning, genot en gehoordeelname

dramatiese struktuur – die bou van die drama (eksposisie / aanloop, motoriese moment, verwikkeling, ontwikkeling, klimaks / hoogtepunt, ontknoping / afloop)

dubbelsinnigheid – tweërlei betekenis geskep deur die manier waarop woorde of sinne gebruik word; meer as een betekenis of vertolking hê. Wanneer dit onbewus gebruik word, kan dubbelsinnigheid betekenis versluier

eksplisiet (in teenstelling met *implisiet*) – betekenis wat duidelik of direk gestel word

evalueer – om 'n opinie te vorm, 'n oordeel te vel oor 'n teks

eufemisme – versagtende uitdrukking of omskrywing; verbloeming; word gebruik om nie gevoelens seer te maak nie, bv. *lang vingers hê* (steel)

figuurlike taal (teenoor *letterlike taal*) – sinnebeeldig, metafories, oordragtelik; woorde en frases wat gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik soos vergelykings, persoonifikasie, metafoer. Literêre tekste maak baie van figuurlike taal gebruik

formaat – die vorm van tekssoorte soos 'n verslag, brief; ook grootte van iets

forumdebat – groepe leerders debatteer 'n onderwerp. Elke groep bestaan uit vier lede en elke lid praat oor een en verskillende aspek van die onderwerp.

gebaar – die beweging van die gesig of liggaam wat betekenis kommunikeer soos om die kop ter bevestiging te knik

gebalanseerde benadering tot geletterdheid – 'n benadering wat leerders se vormende geletterdheid ondersteun, hulle aanmoedig om tekste te geniet en om op betekenis te fokus, en wat hulle ook help om tegniese en strategieë te ontwikkel wat die kode van die geskrewe woord ontsluit

geestigheid – oorspronklike, verrassende, lagwekkende, grappige uitdrukking

geïmpliseerde betekenis – betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

geletterdhede – daar is verskillende soorte geletterdheid: lees / kyk en skryf / aanbied (tradisionele basiese geletterdhede), kulturele geletterdheid (begrip van die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat ons lees van tekste vorm), kritiese geletterdheid (die vermoë om krities op die boodskap in tekste te reageer), visuele geletterdheid (die vermoë om beelde, tekens, prente, visuele simbole, ens. te lees / teken / skryf), mediageletterdheid (die lees van koerante, tydskrifte, TV en film as kulturele boodskappe), inligtingsgeletterdheid (die vermoë om inligting te vind, ontsluit, evalueer, berg, gebruik, ens.) en rekenaargeletterdheid (die vermoë om rekenaars en rekenaarprogramme – ook die internet – te gebruik)

geletterdheid – die vermoë om te lees en geskrewe inligting te gebruik en om vir verskillende doeleindes te skryf. Dit is 'n deel van 'n algemene menslike vermoë om sin van jou wêreld te maak

genre – 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

gepastheid – taal moet gepas wees vir die konteks waarin dit gebruik word. Die groetwyse “Goeiedag, mnr.Vosloo” is gepas in 'n formele situasie, teenoor “Hallo, Vossie” vir 'n informele situasie.

gevoelstaal (ook *emotiewe taal*) – taal en styl wat persoonlik is; sterk gevoelens wek; teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal

gevolg (sien ook *oorsaak*) – die resultaat van handeling / gebeure of 'n aksie

grafiese voorstelling – produkte van die visuele en tegniese kunste soos teken, ontwerp; lewendig beskrywende, skilderende voorstelling

groeptaal – variëteit van 'n taal wat deur 'n bepaalde groep mense soos boere, vissers, fabriekswerkers, studente, tieners gepraat word, en dit van die algemene taal onderskei deur onder andere uitdrukkings en betekenisverskille

herlees – 'n leesstrategie wat die leser nog 'n kans gee om 'n uitdagende teks te verstaan

herformuleer – 'n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van 'n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oortel, verkort of opsom

hiperbool – 'n stylfiguur waarin buitensporige, doelbewuste oordrywing gebruik word; om iets groter as wat dit werklik is, voor te stel, bv. *Hulle het ons 'n berg koek gegee om te eet*

holistiese benadering – dit is 'n benadering wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

homofone – woorde wat dieselfde klankvorm as 'n ander woord in 'n taal het, maar in betekenis en spelling verskil, bv. 'n *blyk* van waardering; die wasgoed *bleik* in die son

homonieme – woorde met dieselfde klank- en spelvorm, maar wat verskil in betekenis, bv. Sy het 'n kuiltjie in haar *ken*; Hy *ken* al die name van die bome in die wildtuin

houdings – maniere van optrede of gedrag

huistaal (sien ook *addisionele taal*) – die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal “waarin 'n mens dink”

idiomatiese uitdrukking – 'n uitdrukking wat die idioom of taaleie betref, kenmerkend van 'n sekere taal; idiome sluit in spreekwoorde, segswyses, gesegdes en spreuke

implisiet (teenoor *eksplisiet*) – dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

inklusiwiteit – die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

inisieer – om te begin (bv. om 'n gesprek te inisieer)

intonasie – vloei van die stem by praat, stembuiging

intrige – verwickelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

ironie – woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens kon verwag het

jargon – taal van bepaalde groepe; vaktaal (bv. rekenaargebruikers verwys na “RAM”). Jargon kan soms gebruik word om luisteraars / lesers uit te sluit.

karikatuur – 'n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van 'n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

klankbewustheid (ook *fonologiese bewustheid*) – die vermoë om tussen die afsonderlike klanke van 'n taal te onderskei

klanknabootsing (ook *onomatopee*) – die gebruik van klanknabootsende woorde om dit wat genoem word, te beskryf, bv. *Toktokkie*

klem (in 'n woord of 'n sin) – om 'n lettergreep in 'n woord of 'n woord in 'n sin te benadruk

klimaks (ook *hoogtepunt*) – die opwindendste, effektiëste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

koherensie – samehang in 'n paragraaf en die samehang binne die verskillende paragrawe van 'n teks wat idees saambind

kohesie – samehang binne sinne

komposisie – samestelling van verskillende dele tot een geheel

konflik – stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

konnotasie – wat gesuggereer word deur 'n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

konteks – die konteks waarbinne 'n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

kontekstuele leidrade – 'n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in 'n teks te gebruik om betekenis te verklaar

kontras (ook *antitese*, *teenstelling*) – stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

konvensies – aanvaarde gebruike of reëls in taalgebruik. Sommige konvensies help om betekenis te skep (bv. taalreëls, puntuasie, hoofletters); sommige help met die aanbieding van inhoud (bv. inhoudsopgawe, algemene uiteensetting, opskrifte, voetnotas, kaarte, onderskrifte, lyste, prente, indeks) en ander weerspieël 'n vaste taalpatroon, bv. groetvorme.

kopkaarte / breinkaarte – grafiese netwerkvoorstelling van idees of 'n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

kreatiewe denke – die denkproses oor idees of situasies op skeppende en ongewone maniere, met die doel om die situasie of idee beter te verstaan en op 'n nuwe en konstruktiewe manier daarop te reageer

kritiese taalbewustheid – die vermoë om die konstruksie van betekenis te ontleed deur begrip van magsverhoudings binne en tussen tale. Dit bemagtig die leerder om manipulasie te weerstaan en om taal sensitief te gebruik.

leenwoorde – woorde wat aan 'n ander taal ontleen is, vreemde woorde wat nou deel van Afrikaans is

letterlik (teenoor *figuurlik*) – die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

lettertipe – die soort letters wat gebruik word wanneer daar geskryf, getik of gedruk word (bv. Times New Roman)

lettergrootte – die grootte van die letters wat gebruik word wanneer daar geskryf, getik of gedruk word (bv. 12 pt Times New Roman)

literêre tegnieke – letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

magsverhoudings – verhoudings gemeet aan gesag en invloed

manipulerende taal – taal wat daarop gemik is om 'n onregverdige voorsprong te kry of ander te beïnvloed, meesal op 'n onderduimse manier

metafoor – gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf

metataal – taalterminologie om oor taal te praat; dit sluit terminologie in soos teks, konteks, teikengroep, genre en polisemie

multimedia – 'n geïntegreerde reeks modusse wat teks, visuele materiaal, klank, video, ens. kan insluit

oorsaak (sien ook *gevolg*) – dit wat aanleiding gee tot 'n handeling / gebeure / aksie of 'n toestand

onderbeklemtoning – die uitdruk van iets op 'n terughoudende wyse, eerder as om die volle feite of waarheid te ontbloot, gewoonlik vir beklemtoning

onderhoud – 'n proses of 'n gesprek om inligting in te samel om 'n spesifieke doel te bereik

onderskrif – 'n titel of kommentaar saam met 'n artikel, prent, foto, ens.

outentieke tekste – tekste wat buite die klaskamer (“in die regte lewe”) gebruik word soos tydskrifartikels, koerantberigte, radio- of televisieopnames, advertensies, verpakkingsetikette, brosjures, vorms, briewe

paneelbespreking – 'n groep wat byeenkom om 'n onderwerp te bespreek, vrae te beantwoord en op kommentaar te reageer

paradoks – skynbare teenstrydigheid, bv. *om die waarheid te sê, moet ek lieg*

parafrase – die herbewoording van 'n idee in jou eie woorde

paronieme – woorde van dieselfde wortel of stam afgelei, bv. *drink, drank, dronk; besin, versin; inwoner, bewoner*

partydig – eensydig, vooringenome, wat by 'n beoordeling die saak nie onbevange beskou nie

personifikasie – beeldspraak waardeur menslike eienskappe en handeling aan lewelose dinge, diere of plante toegeken word, bv. *As ek 'n huis kon hê / met sulke mure wat sing...* (Marlise Joubert, *Domus*)

perspektief – 'n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in 'n roman of drama

posisie – plasing, plek; posisionering van die onderwerp op vlak (fokus, in of naby die voorkant van die raam)

postuur – die manier waarop 'n mens staan of jouself oordra terwyl jy praat

rame – gewoonlik reghoekige omlining van die onderwerp van visuele teks

redigering – die proses van proeflees en herskryf van 'n teks, insluitend taalgebruik, puntuasie en spelling en om samehang van idees en struktuur na te gaan; in die finale vorm sit, vir publikasie inlewer, gereed maak

register – die woorde, styl en grammatika wat in verskillende kontekste of situasies deur sprekers en skrywers gebruik word (amptelike dokumente word byvoorbeeld in 'n formele register geskryf, regsdokumente in 'n regsregister)

retoriek – valse, oordrewe, verslete beeldspraak wat as oorversiering aangebied word; uitgedien, afgesaag, geyk

retoriese middels – middels soos pouses en herhaling, deur 'n spreker / skrywer / aanbieder gebruik om doeltreffend te oortuig

retoriese vraag – 'n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, 'n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

ritme – afgemete beweging; in poësie die natuurlike beweging veroorsaak deur die reëlmatige opeenvolging van beklemtoonde en minder beklemtoonde lettergrepe

rym – ooreenstemming van klank in die laaste lettergreep of woorde in digreëls

samehang – onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

simbool – 'n teken / voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig; 'n tradisionele simbool soos 'n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net 'n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook 'n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

sinoniem (teenoor *antoniem*) – 'n woord wat min of meer dieselfde betekenis as 'n ander het

sintetiseer – die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; 'n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

soeklees – om jou oë oor 'n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy 'n naam of nommer in 'n telefoongids soek of 'n trein- of busrooster raadpleeg

stemprojeksie – luidheid, volume van stem

spelstrategieë – uitwerk van maniere om korrek te spel

standaardtaal – die standaardvariëteit van 'n taal, die vorm wat meestal in koerante, amptelike dokumente en taalboeke gebruik word. Dit is nie noodwendig die beste vorm van die taal nie, maar dit is die vorm wat om historiese en / of politieke redes as die standaardvariëteit aanvaar is.

stem – dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As 'n mens lees of kyk, kan jy 'n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

stemming – atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele-, oudio- en audiovisuele tekste geskep word.

stereotipe – vaste (en dikwels partydige) siening oor 'n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

styl – trant of manier van skryf; die unieke manier waarop 'n skrywer woorde en sinne “rangskik” om 'n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

stylfigure (ook *styleer*) – uitdrukking wat 'n styleffek teweegbring deur woorde nie in hulle normale of letterlike betekenis en funksie aan te wend nie (afwyking in woordgebruik), maar op 'n besondere wyse groter krag of dramatiese beeld aan skryfwerk verleen, bv. klanknabootsing, hiperbool, kontras, ironie, satire, humor, sarkasme, antiklimaks, klimaks, simboliek, eufemisme, antitese, elisie, woordspeling

strategie – 'n sekere prosedure gebruik om 'n probleem te hanteer

subintrige – ondergeskikte verwickelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

taalflater (ook *malapropisme*) – die verkeerdelike of deurmekaar gebruik van lang woorde om indruk te skep. Alhoewel hierdie woorde soms byna korrek klink, bly dit verkeerd en kan humoristies wees

taalvariëteite (sien ook *variëteit*) – vorme van 'n taal wat patroonmatig van mekaar verskil

teikengroep – die bedoelde lesers van, luisteraars na, toeskouers of waarnemers van 'n spesifieke teks of kopers van 'n produk. Tydens beplanning van 'n skryfstuk / aanbieding, moet 'n skrywer / spreker die doel en teikengroep in aanmerking neem deur 'n gepaste formaat te kies.

teks – dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

tekstuur – rangskikking en samestelling van bestanddele, struktuur

tema – die sentrale idee of idees in 'n literêre werk. 'n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet / vanselfsprekend wees nie.

tempo – tydmaat, snelheid van byvoorbeeld praat

tesourus – 'n woordeboek wat volgens saakverbande georden is, saakwoordeboek

toevoegende veeltaligheid – 'n taalvermoë verwerf deur die aanleer van 'n taal of tale benewens jou huistaal. Dit vervang nie die huistaal nie, maar word daarmee saam geleer. In 'n toevoegende, veeltalige program word die huistaal versterk en bevestig, terwyl enige verdere taal aangeleer, waarde toevoeg

toon – klank van 'n bepaalde hoogte, toonhoogte, stembuiging wat 'n gevoelsboodskap van 'n teks kan oordra. In 'n geskrewe teks, word dit in woorde uitgedruk. In films kan toon ook deur musiek of agtergrond geskep word.

transaksionele skryfwerk – funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

transformasie – verandering van die vorm van sinne, bv. van bedrywende na lydende vorm

trappe van vergelyking – soos van toepassing op byvoeglike naamwoorde en bywoorde soos *mooi, mooier, mooiste* en *gou, gouer, gouste*

vaktaal – taalgebruik by die beoefening van 'n vak, beroep of enige spesifieke groep soos rekenaartaal

verbindingswoord – 'n woord soos 'n voegwoord of 'n betreklike voornaamwoord wat gebruik word om sinne of sinsdele tot een sin te verbind

vergelyk (verwys ook na *kontras*) – om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

vergelyking – naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk; stylfiguur. Woorde soos *soos* en *net soos* of *nes* word gebruik om aandag op die vergelyking te vestig

verslag (formeel of informeel) – om presiese terugvoering oor 'n situasie / geleentheid te gee, bv. 'n ongeluk

vertellersperspektief – verteller se standpunt vanuit 'n spesifieke hoek gesien (alwetend, alomteenwoordig, eerste- en derdepersoon)

visuele voorstellings – boodskappe wat deur middel van die sintuig van gesig oorgedra word (bv. foto's, spotprente, modelle, tekeninge, skilderye, rekenaarbeelde)

vloeidiagramme – oorsigtelike, grafiese uiteensetting (voorstelling)

vluglees – om 'n teks baie vinnig te lees ten einde 'n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

voegwoord – 'n woord wat twee sinsnedes / frases of sinne verbind

vooroordeel – vooropgestelde idees oor 'n individu, groep, idee of saak. Sodanige neiging om een saak bo 'n ander te bevoordeel, bring mee dat billike assessering baie moeilik word.

weergawe – ontwerp, voorlopige plan, konsep

woordaanpakvaardighede – die strategieë wat gebruik word vir die lees van onbekende woorde (bv. verdeling van woorde in lettergrepe om na die betekenis van die voor- en agtervoegsels te kyk of om betekenis uit die konteks af te lei)

woordoortolligheid – plekke in tekste waar woorde voorkom wat weggelaat kan word sonder om die betekenis te beïnvloed

woordspeling – die humoristiese gebruik van 'n woord om 'n ander betekenis uit te bring; maak op geestige wyse gebruik van woorde wat verskillende betekenis kan hê of woorde wat eenders klink, bv. woordspeling by grappe

